# *DEEL III.*

# DIE TWEDE AFRIKAANSE TAALBE-WEGING.

## HOOFSTUK I.

# DIE EERSTE EN TWEDE AFRIKAANSE BEWEGINGS.

Deur Dr. P. C. SCHOONEES.

(Spelling onverander gelaat.)

## DIE STIGTING VAN DIE GENOOTSKAP VAN REGTE AFRIKANERS.

„MOGELIK sal 'n latere geskiidskrywer—as teenwoordige fooroordele al uitgesterwe is en die tyd elke gebeurtenis na waarde sal gerangskik hê—di veertiinde Augus 1875 opteken as 'n gedenkwerdige dag in di geskidenis fan Suid Afrika. Dis di dag waarop Di Genootskap fan Regte Afrikaners opgerig is."

Hierdie woorde van ds. S. J. du Toit, die leier van die Eerste Afrikaanse Beweging, het gouer in vervulling gegaan as hy miskien self gemeen het. Voor sy dood in 1911 moes dit vir hom duidelik gewees het, dat sy groot lewensarbeid nie tevergeefs was nie, maar dat 'n jong geslag van taalstryders besig was om die oorwinning vir Afrikaans te behaal.

Vyftig jaar is nie lank in die lewe van 'n nasie nie,

maar as ons dink aan die tydperk tussen 1875 en 1925, dan moet die snelle ontwikkeling van die Afrikaanse volk ons verbaas. In 1875 was daar wel Afrikaners, maar van 'n Afrikaanse volk kon daar nouliks sprake wees. Stadig maar seker had die proses van verengelsing sedert die oorname van die Kaap aan die begin van die negentiende eeu deurgewerk. Die magtige oorwinnaar, gerugsteun deur 'n eeuoue beskawing was besig om die handjievol Afrikaners op vreedsame wyse te absorbeer. Swak was die saamhorigheidsbesef by ons ou volkie, wat nie eers 'n gemeenskaplik erkende taal had nie, waarin dit vir sy ideale kon stry. Vooraanstaande Afrikaners, soos hoofregter de Villiers, het getwyfel aan die voortbestaan van die Afrikaanse volk en gemeen dat dit beter sou wees om maar stilswygend die onvermydelike inslukproses sy gang te laat gaan. Vooraanstaande Hollanders, soos dr. Changuion en dr. Mansvelt het gesien dat dit hopeloos was om die Afrikaner te probeer Hollands leer. Eersgenoemde het gesê: „Tans beschouwen wij de taal, waaraan wij onze moeite besteden, gelijk een geneesheer een ongeneeslike lijder, wiens kwaal in haar verderflike uitwerkingen wel enigszins kan gematigd, wiens wisse dood wel enige tijd kan vertraagd worden, maar op wiens volkomen herstel niet meer te hopen valt." En dr. Mansvelt het met hom saamgestem.

Soos 'n vreemdeling in sy eie land, soos 'n doofstomme het die Afrikaner gesit! Engels wou hy nie, Hollands kon hy nie praat of skryf nie, en Afrikaans was net goed vir Adoons by die kraal, of Kaatjie by die potte. Op vergaderinge het hy gehakkel in 'n vreemde, aangeleerde Hoog-Hollands, op papier het hy hopeloos verward geraak in die strikinet van Nederlandse verbuigings en vervoegings. Stilbly is ook 'n ding, sê ons. Maar as 'n hele volk stilbly, as die hele geesteslewe van 'n volk gestuit of onmoontlik gemaak word deur taalbelemmering, beteken dit 'n nasionale moord. Want deur die taal moet die volk uiting gee, aan wat daar woel in sy gedagtes. Dit is die vernaamste band wat die eenling aan die gemeenskap verbind, wat volksideale moontlik maak. Die taal is die wonderlike gemeenskapskepping waardeur alle bewussynslewe eers moontlik word. Op onbewuste wyse kom die mens deur middel van die taal tot bewussyn. Neem dié gemeenskaplike uitingsmiddel weg, beroof 'n volk van sy spraak en jy sit elke burger op 'n eilandjie.

Ons het wel altyd die omgangstaal gehad, maar ons land was uitgestrek en ons afstande so groot, dat daar van 'n eendragtige aksie niks kon kom sonder die geskrewe woord nie.

Die taal is nie net die voertuig van die gedagte nie, maar dit raak ook diep die innerlikste roersels van ons siel. Dit is die erfstuk van ons voorvaders, geheilig deur al die herinneringe van ons kindsheid. Daarin het ons ons eerste woordjies gestamel aan moeder se knie. Maar toe ons op skool kom, moes ons uitvind dat dié moedertaal 'n minderwaardige uitingsmiddel was, wat net deug in die kombuis. Dié agterstelling van wat ander volke as die kosbaarste kleinood beskou, het 'n suiwer Afrikaanse kultuur onmoontlik gemaak. Ons kon nie ons eie siel ontdek nie, ons kon nie 'n gesonde gevoel van eiewaarde aankweek nie, want ons moes van na-apery lewe. As ons eers amper-Hollander was, kon ons enigsins in tel kom by die boonste laag van die samelewing. As ons eers probeer het om die klanke van ons moedertaal dood te smoor en te bewonder wat halfvreemd was, dan eers kon daar sprake wees van enige ontwikkeling. Amper Hollander moes ons word om 'n regte Afrikaner te wees!!

'n Gedeelte van die nasie, die bevoorregte klasse, wat die middele besit het om te profiteer van onderwys op die groot dorpe en in die stede, het deur middel van 'n soort Hoog-Hollands 'n na-aapkultuur ontwikkel. Maar die breë lae van die volk in die binneland kon dit met moeite so ver bring om hul Bybel te lees en op 'n manier te verstaan. En die voormanne kon die volk nie wakkerskud nie. Die volk wou luister, maar kon nie goed verstaan nie. Party het wel verstaan, maar die boodskap het hulle nie ontroer nie, het hul nie in die siel gegryp nie. En baie het afgesterf van hul volk, omdat daar geen nasionale selfrespek was by die Afrikaner nie en omdat dit soveel makliker was om amper Engelsman te word as amper Hollander. Die groot massa op die platteland het wel vasgehou aan die ou tradiesies van hul voorvaders, maar op kultuurgebied tog langsamerhand in 'n doodslaap weggedommel.

So het sake gestaan toe op 11 Julie, 1866, Arnoldus Pannevis, 'n Hollander, in Tafelbaai geland het. Saam met 'n klompie Afrikaners het hy in 'n logieshuis in Kaapstad sit en eet en dadelik opgemerk dat Hollands in Suid-Afrika tot 'n afsonderlike taal ontwikkel het. Op

die Pêrel het hy o.a. ds. S. J. du Toit oortuig van die noodsaaklikheid om die spreektaal te erken en te gebruik. Maar in die begin het almal hom uitgelag. In 1872 skryf hy in die *Zuid-Afrikaan,* wat vandag nog as *Ons Land* bekend is, 'n artiekel oor 'n Afrikaanse Bybel en twee jaar later rig hy aan die Britse en Buitelandse Bybelgenootskap 'n brief oor dieselfde onderwerp, waarin hy ds. du Toit se naam as 'n geskikte vertaler noem. Dit het aanleiding gegee tot die oprigting van die *Genootskap van Regte Afrikaners* op 14 Augustus, 1875. Agt manne, vier Du Toit's, twee Malherbe's, C. P. Hoogenhout en August Ahrbeck het bymekaar gekom in die Pêrel om die saak van 'n Afrikaanse Bybel te oorweeg.

Dit was 'n moedige daad. Só sterk was die teenstand, dat die name van die oprigters van die Genootskap geheim moes bly. Een van ds. du Toit se beste vriende en Kerkraadslede het b.v. gesê: „as ek weet wie die Lokomotief (dit was die adresnaam van die redakteur van *Die Patriot*) is, skiet ek hom met my hand dood." Van alle kante en uit alle oorde het spotters met wavragte verwensings aangedraf. Veral die plattelandse koerantjies het op die voorstanders van Afrikaans losgebars met 'n haelstorm van lawaaierige skeldwoorde. Maar die klein klompie het hul man gestaan en met persoonlike opofferings deurgedruk totdat die orgaan van die Genootskap, *Die Patriot,* een van die toonaangewende koerante geword het. Soos 'n bevrydingskreet het die leuse: *Skryf soos jy praat* deur die land weerklink. Eindelik kon die doofstomme volk sy stem laat hoor. 'n Heerleër van skrywers en skrywertjies het opgestaan en almal „van genl. Piet Joubert af tot die veewagtertjie in die veld" wou saampraat en saamskryf. Daar het roering onder die doodsbeendere gekom.

Voorlopig het die hoofdoel van die Genootskap, die Bybelvertaling op die agtergrond gebly, omdat hulle gevoel het dat die tyd nog nie ryp was nie. Hulle leuse was: om te staan vir ons taal, ons nasie en ons land. Met alle ywer het hul begin om die volk te oortuig van die waarde van sy eie taal. Maar as 'n organisasie het die Genootskap nie veel lewenskrag gehad nie. Ds. du Toit het dit toegeskryf aan die bepaling dat iedere lid moes geloof in die versoeningsdood van Kristus. Hy het toe begin pleit vir 'n meer algemene organisasie, wat die hele Suid-Afrika kon omvat, en sy pogings het gelei tot die stigting van

'n politieke party, die Afrikaner-Bond (1879). Die politieke beweging was eintlik 'n refleks van die stoot wat die nasionale saak gekry het deur die Eerste Transvaalse Vryheidsoorlog. Du Toit het dan ook verklaar dat die Bond op Majoeba wortel gevat het. Die Boer het begin selfbewus word. Eers het hy net gesorg vir sy persoonlike belange en die landsbelange oorgelaat aan „'n klein klompie raddraaiers op die dorpe—smouse, winkeliers, klerkies, prokureurs, Jode en Jodegenote, wat almal van die Boere moet lewe." Maar nou laat die Boer hom ook op politieke gebied geld. Du Toit was 'n vérsiende leier, wat ter wille van die groot nasionale saak, selfs bereid was om die netelige taalkwessie, waaroor daar soveel verskil van opienie was, opsy te skuiwe. „Wat die taal aangaat, dit mag by ons geen punt van geskil uitwerk nie.. Daarom sou ons aan die hand gee om maar te sê „ons landstaal" en nie te sê Afrikaans of Hollands nie...... Die tyd sal later oor die kwessie uitspraak doen."

Aan die hand van dr. Kuyper se program het Du Toit sy staatkundige ideale uitgewerk. En hy was sy tyd so ver vooruit, dat daar vir ons, wat so spog oor die vooruitgang onder die Twede Beweging, nog heelwat uit sy program oorbly om te verwesenlik. Party van die dinge wat hy bepleit het, o.a. 'n nasionale Afrikaanse bank, het maar onlangs eers hul intree op die politieke terrein gedoen. Organiseer op elke gebied was sy wagwoord. Vreemde geluksoekers het ons handel verower, en verryk hulself met onbillike winste. Rig boerewinkels en handelsvereniginge op, was sy raad. In 1877 pleit hy al vir ko-operatiewe vereniginge onder die boere en in 1890 stel hy voor dat jong Afrikaners na Europa gestuur moet word om daar die landbou wetenskaplik te bestudeer. Voorwaar 'n mens moet respek hê vir die vrugbare brein van ds. S. J. du Toit, wat op elke gebied die leier van sy volk was.

Op dié manier het die leier van die taalbeweging hom vereenselwig met die politieke stryd van die Afrikanernasie, wat na 1880 so stadigaan die manbare leeftyd bereik. Toe Du Toit, as gevolg van 'n onafrikaanse politiek sy invloed verloor omtrent die tyd van die Jamesonstrooptog, het die taalbeweging ook doodgekwyn. Alles in verband met *Die Patriot* het verdag geword by die volk. In Du Toit se plek was daar geen ander leidende persoonlikheid wat op taalgebied rigting kon gee nie en

dit het gelyk of Afrikaans 'n verlore saak was. Die Patriot het nie daarin geslaag om die intellektuele klas Afrikaners te oortuig nie en het sy steun veral van die platteland gekry. By die onontwikkeldes en onbevoorregtes het die Genootskap lees- en skryflus opgewek en ook belangstelling in die geskiedenis van ons land. Maar die geesdriftige bewondering van onontwikkeldes het die Genootskap tog op 'n gevaarlike pad gebring. Daar was 'n begryplike ywer om alles wat maar net Afrikaans was te publiseer en op dié manier het die uitgawes van die Genootskap ver onderkant die peil van middelmatigheid gesak. Dit was 'n ernstige taktiese fout, want die groot vooroordeel teen Afrikaans, feitlik die enigste argument van die teenstanders was, dat dit 'n kombuistaal was, te plat vir beskaafde mense. En in die publikasies van die Genootskap was dit nie nodig om na bewyse van plat, onbeskaafde uitings te soek nie, met die gevolg dat *Patterjots* al gou 'n skeldnaam geword het.

Hoe kon die groot hoofdoel van die Genootskap, die Afrikaanse Bybel onder sulke omstandighede verwesenlik word? Selfs in 1911 skryf Langenhoven, 'n hartstogtelike kampvegter vir Afrikaans nog: „As die Hollandse Kerk my sou vraag om die Bybel, die psalm- en gesangboek en die formuliere, wat aan my hart geheilig is deur my vroegste herinneringe in Afrikaans oor te sit, dan sou ek dit ten enemaal weier, al had ek die bekwaamheid daarvoor; en ek sou die voorstel (hoe onlogies ook) beskou as heiligskennend. Dit sou vir my smaak 'n parodie wees." Ons sien duidelik dat dit nie 'n saak van verstand of argument was nie, maar van sentiment. En teen dié klipmuur het die Genootskap hom te pletter geloop. Dit is verstaanbaar dat 'n godsdienstige volk 'n taalbeweging begint met 'n Bybelvertaling, maar uit ons ervaring van die Twede Beweging weet ons nou, dat dít die twede groot taktiese fout van die Patriotters was. In hul geesdriftige oormoed wou hulle die mees konserwatiewe bolwerk van die Afrikaanse beskawing, die Kerk, stormloop. En die Kerk het sy poorte met veragting teen die „heiligskenners" gegrendel.

Maar offisiële afkeuring het die ywer van die Genootskap nie gestuit nie. In 1884 het hulle die saak weer ernstig bespreek en in 1889 kon ds. du Toit eindelik 'n aanvang maak daarmee. Met groot opoffering het hy al sy vrye tyd aan sy lieflingstaak gewy en tot in 1908

sewe Bybelboeke vertaal. Vandag pluk ons die vrugte van sy liefdevolle toewyding aan 'n groot saak.

Ons het gesien dat politieke verwikkelinge veel te doen gehad het met die uiteindelike doodkwyn van die Genootskap. Gewoonlik word dit dan ook vir die hoofoorsaak aangesien. Maar as 'n mens so deur die nagelate geskrifte van die Genootskappers blaai, veral die bundel *Afrikaanse Gedigte,* 1876-1906, dan kom daar tog die onweerstaanbare gevoel op, dat afgesien van alle ander oorsake 'n beweging wat in 'n tydperk van dertig jaar niks beters as dit kon presteer nie, uiteindelik *moes* doodloop, omdat daar so'n gebrek aan innerlike, geestelike krag was. Ywer, liefde en toewyding aan die volksaak was daar genoeg, maar die waaragtige besieling het jammerlik ontbreek. Daar was geen kunstenaar wat deur die skoonheid van sy woord die volk kon ontroer en liefde en agting opwek vir die lang veragte moedertaal nie. „Skryf soos jy praat" was 'n bedrieglike leuse, wat die leiers van die begin af op 'n dwaalspoor gebring het. Hulle het in die Afrikaanse taal, soos dit in 1875 was, 'n volmaakte middel gesien en gemeen dat alleen deur die blote aanwending daarvan alles sou regkom. Maar die taal kan alleen *saam met die nasie groei.* Taalveredeling hou gelyke tred met volksveredeling, omdat die taal net die uitingsmiddel van die volk is en sy innerlike krag uit die volksiel moet put. As die volk nog op 'n lae geestelike peil staan, dan ontbreek natuurlik die behoefte om uiting te gee aan die meer verfynde aandoenings van die beskaafde mens en dan bly die taal arm van inhoud. In 1875 was ,Afrikaans wel 'n uitstekende omgangstaal maar dit kon toe net 'n gebrekkige kultuurmedium wees, omdat daar destyds, behalwe op godsdienstige gebied, nog maar enkele flou aanduidings was van 'n wordende nasionale kultuur. Maar die leiers van die Eerste Beweging het nie ingesien dat die opbouing van so'n kultuur noodwendig 'n langsame proses moes wees nie. En in hul prysenswaardige ywer om die onbevoorregtes deel te laat kry aan 'n soort kultuur, het hulle maar alles hot en haar gepubliseer.... en sodoende die ontwikkelde deel van die nasie afgeskrik.

Die leier van die Beweging sê al in 1876 by die uitgawe van „Di Eerste Beginsels fan di Afrikaanse taal."

Ofskoon ons taal hiir blyf,
En idereen dit skryf,
Net na di wind hom dryf;
Di Afrikaans blyf daarom reg.

Hier het ons al die gees van: „dons maar op, alles sal regkom!" En tog het die veelsydige ds. du Toit, wat met Bilderdyk gedweep het, 'n deeglike studie van taalkunde gemaak.

In 'n Afrikaanse Liidji, volgens 'n voetnoot „een fan di eerste frugte fan di ontwaakte nasionalitytsgefoel" lees ons:

Afrikaans is fol gees,
Om gladweg te lees,
Afrikaans is so plat,
Dat ons dit kan fat,
Afrikaans is net lig,
Om liidjiis te dig,
Afrikaans is ook mooi,
Om woorde te gooi.

Oom Lokomotief gee hierop 'n berymde antwoord, waarin hy die „digter" Albertus Herholdt gelukwens en o.a. sê:

Oom kan maar weer stuur
Ons goi ni in fuur......
Ons is regte bly
Om liidjiis te kry,
Misski is dit sleg,
Ons maak dit mos reg.
Oom het genoeg gees
Om digter te wees.

Oom Lokomotief mag 'n goeie „fuurwa" gewees het, maar sy brandstof is so sleg dat hy by die eerste ou bultjie sou gaan staan. Oom Jan (C. P. Hoogenhout) roep ook met begryplike blydskap uit:

Wi had kon denk dat Afrika
Ooit sofeul digters had?
Gedigte kom nog daagliks an
Hiir's weer 'n folle blad.

Met volle blaaie van sulke „gedigte" kon die Genootskappers wel 'n vuurtjie maak wat 'n tydlank hoog opgelaai en geweldig geknetter het, maar uiteindelik tog weer moes neerplof sonder om 'n lewendige kooltjie agter te laat. En tog moet ons, o so dankbaar wees, dat

na al die jare van Egiptiese duisternis, die Genootskappers dit reggekry het om 'n vuurtjie te laat opflikker. Dis maklik om in 1925 smalend te skrywe oor die eerste probeerslae; maar as ons dink aan die toestande van 1875, dan voel ons dat die eerste leiers, volgens die lig wat hulle gegee was, tog iets bereik het.

'n Nuwe beweging beteken altoos 'n breuk met die verlede en om propaganda te maak vir die nuwe idee was dit vanselfsprekend dat die deugde van die Afrikaanse taal besing moes word. Veral die eenvoud van Afrikaans word geprys in teenstelling, met die ingewikkeldheid van Hollands.

Want Afrikaans is plat en rond
En groei mos goed op yge grond....
Daarom laat ons taal gou klaar wees,
In Afrikaans wil ons mos lees.

Deur dergelike uitlatings te publiseer het die verantwoordelike leiers die indruk gewek dat met die erkenning van Afrikaans al alles gewonne was. Hulle het geen vyandige houding teenoor Hollands ingeneem nie, inteendeel die strewe van die Taalbond nog ondersteun, maar hulle het tog nie besef dat Afrikaans in 1875 nie sonder die hulp van Nederlands kon klaarkom nie.

Ons sal ons yge taal nou kry,
Want Lokomotief laat finnig ry.

Hy hét vinnig gery, maar ook gou bly staan. Teen die end het die Pariotters tog besef wat daar ontbreek het in die Beweging, want in 1896 betreur Cachet die gemis van 'n digter „fol fan moed," wat Afrikaans kon maak tot „koning van di land."

Die Patriot-beweging het dus doodgeloop hoofsaaklik deur gebrek aan innerlike sterkte. Hier en daar het dit vir ons nagelaat brokstukkies, waarin ons 'n opflikkering van waaragtige ontroering kan navoel, maar meestal bly dit oppervlakkige rymelary of gemoedelike geselsery. Hoe kon dit ook anders wees by 'n volk wat maar pas uit die doodslaap opgestaan het? Die geskiedenis leer ons dat die kuns eers na 'n groot nasionale woeling tot enige mate van rypheid kan kom. In 1875 was die tyd nog nie ryp vir 'n letterkundige opbloei nie. Die agterlike onderwysstelsel het dit onmoontlik gemaak, maar die Patriotmanne het deur hul aksie op politieke terrein die grondslae gelê vir 'n latere ontwikkeling. Hulle was die

manne van die daad, wat met verwaarlosing van hul persoonlike belange, steeds gestry het vir die groot ideaal van 'n verenigde volk met sy eie taal. Die bietjie geestelike lewe wat daar in hulle tyd was het hulle opgewek. Maar deur hul neerbuigende houding tot die onbevoorregtes het hul sommer gou tot die peil van dié klas afgesak en op letterkundige gebied kon hul geen leiding gee nie. Die rymelary van Lokomotief is nie die bemoedigende woorde van 'n leier nie, want dit is net so treurig van gehalte as die van Albertus Herholdt, wat terwyl hy na 'n rymwoord soek, tog sy oog op die braaiboud hou!

Myn liidji is klaar
Di braaibout is gaar......
Ek sal nou mar stop
Myn froutji skep op!

Oom Lokomotief het van die begin af sy vuurwa op 'n doodloopspoor gestoot. Hy het van die begin af laag gemik en gaandeweg begrawe geraak onder minderwaardige prulwerk.

En tog gee dié prulwerk ons 'n interessante kyk op die Afrikanerdom van 1875. Die Afrikaners van dié tyd, en veral die onbevoorregte plattelanders, mag sonder die korsie vernis gewees het, wat vandag so maklik vir beskawing deurgaan, maar hulle was tog die manne van Majoeba, wat die bewondering van Europa gaande gemaak het; die manne en vroue wat met taaie volharding vasgehou het aan die vryheidsideaal en tussen al die spokery met oproerige Kaffers nog die listige planne van die Engelse veroweraar verydel het; die manne en vroue wat in die republieke 'n nuwe staat opgebou het, wat geworstel het met die sprinkaan en die droogte, die wilde diere en die tsetsevlieg en ten slotte die weerbarstige natuur oorwin het; die mense wat te midde van 'n drom barbare die kristelike beginsels hoog gehou het. Dit was voorwaar 'n stoere ras met 'n hoë sedelike beskawing, wat alleen gewag het op die bevrydende boodskap van die Genootskap om deur middel van die moedertaal ook tot intellektuele ontwikkeling te kom. Dit was dan ook nie 'n verstompte gemoed of 'n minderwaardige volksaard wat hierdie mense op intellektuele gebied onbevoorregtes gemaak het nie; dit was alleen die onvermydelike lot van die rondswerwende pionier, wat deur historiese en ekonomiese dwang en deur die hoogheid van sy eie karakter dieper in die wildernis gedring het, om daar vir sy nage-

slag 'n plekkie te soek waar sy kinders volgens die groei van eie siel en eie geaardheid 'n suiwer Afrikaanse kultuur kon ontwikkel. Maar dié manne en vroue het hul heldetaak verrig in alle eenvoudigheid, totaal onbewus van die grootsheid daarvan, sonder 'n besef van die roerende tragiek wat daar snik in die worsteling van 'n handjievol Trekkers teen die natuur, teen die barbare, teen die magtige Engelse ryk. By al hul lotswisselinge was daar die kinderlike geloof van die nederige Kristen wat nie op eie kragte roem nie, maar alle eer aan die Allerhoogste gee. Die volle bewustheid van wat daar in die roemryke wordingstydperk gepresteer is kon eers later kom. En sonder dié nasionale bewustheid kon daar geen letterkundige opbloei wees nie. Die mense van dié tyd het saamgeleef met die groot gemeenskaplike volkstroming; daar kon nog geen sprake wees van 'n indiwiduele kunsuiting nie, omdat die indiwidu nog homself nie ontdek had nie en net saamgedryf het met die massale volksbeweging. Dit was mense van die daad, wat al hul vermoëns moes konsentreer op die aksie van die oomblik en die koorsagtige loop van die gebeurtenisse het hul geen tyd gegun vir rustige besinning nie. En sonder rustige besinning geen kunsontwikkeling nie.

In die Kaapprovinsie het wel 'n betreklike rus geheers, en dis ook hier waar ons die eerste spore van 'n nasionale bewuswording aangetref het. Die gebeurtenisse in die republieke wek bewondering by die Kaapse stamgenote. Maar ook hulle het nog te veel in die warrelkolk van geskiedkundige verwikkelinge gestaan; hulle was nog te digby die gebeurtenisse om die grootsheid van die worsteling aan te voel; en buitendien moes hulle 'n stryd op lewe en dood voer om regte Afrikaners te bly. Die letterkunde is maar net 'n weerspieëling van wat daar woel en gis in die siel van 'n volk. Dit hoef ons dus nie te verwonder dat die Patriotters dit nie verder gebring het nie as berymde simpatieuitings, beskrywende kronieke van heldedade, waarin ons wel af en toe 'n sprankeling van digterlike siening kan ontwaar, maar wat globaal beskou tog minderwaardig moes bly. Hulle was ook Voortrekkers, op taalgebied in 'n felle stryd gewikkel. Dapper het hulle die krygsklaroen geblaas teen ingewortelde vooroordeel, moedig het hulle gebaklei vir die groot volkskat, die moedertaal, al kon hulle in die hitte van die stryd net die eerste wankelende skrede sit op die dowwe paad-

jie, wat gelei het tot die uiteindelike oorwinning.. Dat hulle onder soveel miskenning en verguising, ywer en goeie wil aangesien het vir 'n volbragte daad, kan ons die eerste padwysers op letterkundige gebied maklik vergewe. Hoe sou ons sonder hul ywerige voorbereidingswerk ooit die dowwe doringpaadjie na die Twede Vryheidsoorlog weer gekry het?

## DIE HOOG-HOLLANDSE PARTY.

Dit sou verkeerd wees om by ons bewondering van die Patriotmanne die Hoog-Hollandse Party te vergeet, want by alle verskil oor die middele, het albei partye tog dieselfde einddoel beoog, naamlik die wedergeboorte van die Afrikaners. Die predikante mag met veragting die Patriotmanne uit die sinagoge verwerp het, maar die kerk het tog die magtige bolwerk van beskawing gebly. Daar was baie predikante wat „van die Engelse goggatjie" gebyt was—daar is vandag nog van diè soort onder ons en nie net predikante nie—maar as 'n groot, magtige, georganiseerde liggaam het die Kerk gesorg vir die sedelike welvaart van die volk en was die Kerk altoos die laaste, maar onneembare loopgraaf van die Afrikanerdom, die simbool van die edelste aspirasies van die nasie.

Op taalgebied het die Hoog-Hollandse party hul kragte georganiseer in die Suid-Afrikaanse Taalbond, aan die oprigting en werk waarvan die Kerk 'n groot aandeel gehad het. Maar so rotsvas was die oortuiging van die Patriotmanne dat hul gesê het: „Ons gaan op ons weg voort; maar ons is altyd bereid om met ander saam te werk, as hulle dieselfde einddoel beoog."

En die ironie van die geskiedenis wou dit so hê, dat ds. S. J. du Toit die eintlike insteller van die Taalbondeksamens was!

Daar was 'n hele reeks Hoog-Hollandse skrywers wat vir dieselfde einddoel geywer het. Hulle het die *Zuid-Afrikaanse Tijdschrift* opgerig en hul werke het die groei van 'n gesonde nasionale gees bevorder. Ek dink byvoorbeeld aan 'n skrywer soos D'Arbez wat van 1896 af deur sy histories-romantiese verhale die bewondering vir die voorgeslag aangewakker het en jong Suid-Afrika letterkundige genot verskaf het. In ons ywer vir Afrikaans loop ons gevaar om die invloed van die Hoog-Hollandse skrywers te onderskat. Hulle het wel nie daarin geslaag om die volksiel te ont-

roer nie, omdat hul taal, hoe Afrikaans van gees en inhoud dan ook, altyd styf en onnatuurlik vreemd gebly het, maar hul was net so Afrikaans as die beste Patriotter en het geen geringe aandeel gehad in die nasionale oplewing nie. Ook buiten die Genootskap was daar tekens genoeg om aan te dui dat daar 'n roering onder die doodsbeendere aan die kom was. Nog voor die stigting van die Genootskap, in Mei, 1875, het dr. Brill in Bloemfontein die mening uitgespreek dat Afrikaans nog die draer van 'n eie letterkunde sou word en president Reitz en ander skrywers het al in dieselfde rigting gewerk 'n hele paar jaar voor 1875.

Na die Twede Vryheidsoorlog het die Hoog-Hollandse Party nog 'n laaste poging gemaak om Nederlands vir die Afrikaner aanneemlik te maak deur die invoering van die Vereenvoudigde Spelling. Dit was egter meer as 'n spellingwysiging, want die Taalbond het ook die deur oopgesit vir die kernagtige idioom van die volkstaal. Dit het gelei tot nog 'n verwoede taalstryd en 'n tydelike opflikkering van die Hoog-Hollandse letterkunde.

## DIE TWEDE AFRIKAANSE BEWEGING.

Maar voordat dit gebeur het, het die Afrikaanse volk deur die Twede Vryheidsoorlog tot volledige bewustheid gekom. In dié stryd het die staatkundige onafhanklikheid van 'n deel van die volk verlore gegaan, maar daardeur het ons gewin die geestelike onafhanklikheid van die hele Afrikanerdom. Uit die skynbare neerlaag is die nuwe Afrikaanse Nasie gebore; in die stryd het die heterogene elemente saamgesmelt tot 'n hegte eenheid. Dié wanhopige worsteling het die innigste roersels van die volksiel heftig laat tril; deur die algemene lyding het daar diepte in die volkslewe gekom. Gelouter en met die volle bewustheid van sy geestelike krag het die Afrikaner oor die puinhope van die verlede gestaar na 'n vreugdevolle toekoms, en na die eerste weemoedsvlaag het die volk sy vaste wil getoon om te behou wat nog te behou was: sy taal, tradiesies, sy eie Afrikaanse kultuur. Dit was 'n geestelike wedergeboorte, 'n opstanding uit die knegskap van die oorwinnaar. Eindelik sou nou die hoë geestelike sieleadel van die grondvesters van die Afrikaanse nasie tot 'n rype ontplooiing kom. Wat politieke en ekonomiese faktore in 1875 nog onmoontlik gemaak het, sou in die begin van die 20ste eeu verwesenlik word.

Na die stryd kom die volle bewustheid van die grandiose tragiek van die verlede, die bewondering van wat vir die stryders self nog so 'n eenvoudige noodsaaklikheid gelyk het. Nou kom die rustige besinning, die liefdevolle bepeinsing van die verlede en daaruit ontstaan die hoop vir die toekoms. Die voedingsbodem vir die opkoms van 'n nasionale letterkunde was nou daar. Langsamerhand word die drade van die verlede saamgevat en die vernude taalstryd kon as gevolg van die veranderde mentaliteit met verrassend snelle tempo volstry word. Nou was dit nie meer drie Hollanders (*) wat die Afrikaner aan homself moes ontdek nie; die stootkrag het nou uit die boesem van die volk self voortgekom.

## DIE SIENERS.

Dit was 'n beslissende oomblik in die geskiedenis van ons beskawing toe Jan Celliers die Suid-Afrikaanse vlakte *gesien* het; toe Totius by die monument van ons droewige volksverlede die bevrydingslied van sy opgekropte ontroeringe aangehef het; toe Leipoldt „nog half flou met die skok van die oorlog" Oom Gert „die storie van ons sterfte" laat vertel het en sy „nietige reeks van rympies" opgedra het „Aan almal wat voorafgegaan het" met die plegtige versekering: *„Ons onthou."* Die geestelike besieling word uit nood gebore. Droefheid, leed en stryd laat die mens tot sy innerlik inkeer; deur die besinning word die heftige sensasie en die hartstog tot geestelike bewoënheid gesublimeer in die gemoed van die digter. Die volk self neem nooit die voortou in die ontdekking van nuwe waarhede nie. Dis altoos die persoonlikheid wat die leiding neem. Die kunstenaars is die bewusmakers, verkondigers en sieners. 'n Paar ontvang die genade van die intuïesie en die groot volksmenigte kan instinktief hul intuïtiewe wysheid navoel. Die kunstenaar kan geen kultuur stig nie; hy skep deur en in die volkskrag.

By die Afrikaanse volk was daar net 'n soort primitiewe raseenheid, as gevolg van 'n historiese ontwikkeling. En 'n volk kan eers tot geestelike bloei kom as die bewuste geeste 'n idee verteenwoordig, wat die ganse volk kan bewonder. Die ideaal wat die leiers van die vorige generasie die volk voorgespieël het, 'n nageaapte vreemde

(*) Pannevis, Hoogenhout en Van der Ryst.

kultuur het die groot massa nooit ontroer nie; die ideaal van die Patriotmanne het wel spontane geesdrif verwek, maar vir duursame bewondering was dit tog glad te laag.

Toe kom die digters van die Twede Beweging die volk *siende* maak; met hulle kom die geestelike sintese, die samevatting van al die vae, onbewuste aspirasies wat in die jare van lyding en stryd soos onwesenlike droombeelde gespook het deur die volksiel. Dié geestelike sintese eers vorm die beslissende kultuurmoment van die Afrikaanse beskawing. Die Patriotters het self nog te veel in die stryd gestaan om tot so'n sintese te kom; veg-veg kon hulle wel 'n paar glanspunte in die stryd swakkies berym, maar dit was net die dadelike neerslag van vlugtige indrukke. Die innerlike skoonheid van die volkswoeling, wat hulle self aan die gang gesit het, kon hul nog nie besef nie; verstandelik kon hul wel die volksideaal beredeneer, maar met verstandelike middele kan 'n volk nie opgevoer word tot so'n hoogte van ekstatiese verrukking nie, dat dit *glo* waar dit na hunker, dat dit *sien* wat dit instinktief verwag.

Vir 'n paar eeue had die Griekse volk soos 'n eenheid geleef, teen ander volke geveg en gedroom van sy gode op die hoë Olimpus. Maar die hele wêreld het nog *blind* gelyk. Eers toe die digter die wêreld *gesien* het en dit in liefdevolle verrukking uitgebeeld het, toe eers het die Griekse volk selfbewus geword, toe eers was dit in geestelike sin 'n volk. Want die Griekse kultuur begin eers eintlik met Homerus. Alle Grieke het dan ook die ontsaglike betekenis van sy heldedig erken.

Just Havelaar sê êrens, dat die nie toevallig is nie, dat volgens die legende Homerus *blind* was. Want nadat die digter gekyk het, moes hy die gesiene inwendig verwerk; hy moes alles eers deurskou met sy geestelike oog, alles saamvat in liefdevolle verwondering, voor hy kon uitbeeld. 'n Mens kan kyk en jy kan sien. Jy kan doodnugter 'n saak bekyk en ontleed en daarna soos 'n wetenskaplike navorser jou gevolgtrekkings maak. Die kunstenaar kyk ook, maar hy sien nie net die uiterlike verskynings nie; die gesiene word by hom verbeelding, simbole van psiegiese lewe. Sy kunswerk is 'n skepping, 'n sintetiese lewensbeeld. Gedurende die ontwaking van sy liefdelewe word die jongeling *siende*. Voor dié tyd het hy net gekyk en niks besonders gemerk nie. Maar nadat hy gesien het, word die skoonheid 'n stralende

werklikheid vir hom. Alle minnaars word digters en alle digters is ook minnaars.

Ons het almal die vlakte met sy see van deinende koppies bewonder, lank voordat ons Jan Celliers se gedig gelees het; maar hoe het die digter met sy suggestiewe beelde-ry nie ons gevoel vir die skoonheid daarvan verinnig nie!

Duisende Afrikaners het daagliks met wa en osse gewerk, maar dit was die beeldende fantasie van ons digters wat die mees alledaagse trekgoed gemaak het tot simbole van die heroïese worsteling van die Groot Trek. Duisende vroue het hul kinders vertel van die lyding in die konsentrasiekampe, maar in die een reël van Jan Celliers:

*Suster Anna, ek hoor 'n kerkklok slaan....*

lê 'n mistieke krag, wat die donker tragedie van die kampe meteens vir ons oopblits. En nie net vir óns nie, maar ook vir die verre nageslagte, want die kuns gee die tydelike op ewige wyse. Deur Homerus, Plato, e.a., bly die Griekse gees 'n ewige *nou.* Die Egiptiese wêreldstelsel is alleen nog van betekenis vir die geskiedkundige navorser, maar deur die Egiptiese koningsbeeld bly die Egiptiese idee 'n ewige *nou.*

So het ons digters ook aan die volk 'n geïnspireerde belydenis gegee van die Afrikaanse ideale. En dié digterlike belydenis was in die veragte moedertaal. Maar nou nie meer die laag-by-die-grondse taal van die Patriotters nie, wat elkeen kon skryf, „net na die wind hom dryf", maar die veredelde volkspraak, so omgewerk deur 'n skeppende verbeelding, dat die volk met ontroerde verwondering, van die digters sy eie taal kon leer. Die alledaagse klanke van 'n verwaarloosde dialek het die digters simboliese betekenis, geestelike inhoud gegee. Met verrukking het die volk gewaar, dat dit nou nie meer die speletjies van 'n lekker rymende klompie was nie, maar die heilige erns van doelbewuste leiers. *Winternag* van Eugène Marais (1905) het miskien meer mense oortuig,

as al die vernuftige en logiese argumente van die hele Patriot-periode. (*)

Langsamerhand het die geestesgesteldheid van die hele volk verander. Daar het 'n vernuwing gekom, 'n wedergeboorte. Dit was die begin van 'n Afrikaanse Renaissance. Want die boodskap van die digters het weerklank gevind by die volk, omdat hul gevoelvolle klanke net die skone kristallisasie was van wat daar al onbewus in die siel van die massa gelewe het.

## DIE PROPAGANDA-PERIODE.

Die ideaal wat die digters op serene bergtoppe in kontemplerende rus gesien het—in daardie ideaal het die volk *geglo*. En orals het daar manne en vroue opgestaan wat met geesdriftige ywer begin te werk het aan die verwesenliking van dié ideaal. Aanvanklik was dit net 'n taalbeweging. Vir omtrent twintig jaar het ons 'n taalstryd gevoer en eers in 1925 het die laaste Hoog-Hollandse fort geval met die erkenning van Afrikaans deur die Volksraad. „Ons jong Afrikaanse taal *moet* win en *sal* win" was die vlammende passiekreet van die herlewende volk; vol van die besielende weelde van 'n pasgewonne vryheid het die aanvoerders hul manifeste geslinger teen die wikkende, weënde twyfelaars wat nog lus gehad het om 'n vreemde taal en kultuur aan die nasie op te dring. Die eerste letterkundige voortbringsels het 'n uitgesproke militante karakter gehad. Baie boeke wat in die taalstryd kragtige wapens was, het nou nog net kultuurhistoriese belang. *Johannes van Wyk,* die eerste prosawerk van die Twede Beweging, was 'n spannende verhaal wat die jongspan en selfs oueres met graagte gelees het, maar niemand sal dit vandag nog as kunswerk beskou nie. Maar in sy tyd was dit 'n uitstekende propagandamiddel, wat meer effek gehad het, as die kragtigste taalmanifes. En so is daar nog 'n hele paar ander prosawerke uit die

(*) Ek sê dit nie om die verdienstelike oortuigingswerk van die Patriotters te verkleineer nie. Ek wil net deur 'n konkrete voorbeeld laat voel hoeveel meer krag daar uitgaan van die *geïnspireerde* woord, as van die *beredeneerde* woord. Dit geld trouens ook vir die Twede Beweging. Prof. J. J. Smith het seker een van die beste pleidooie vir die moedertaal gelewer as voorrede by *Oom Gert Vertel*. Maar hy sal ongetwyfeld graag erken, dat daar meer oortuigingskrag sit in een of twee verse van die *digter* as in die hele betoog van die *geleerde*.

eerste periode, wat nou al weer vergeet is, of wat alleen nog as kinderlektuur diens doen. Die tot vervelens toe herhaalde geroep van die teenstanders: „Afrikaans het geen letterkunde nie!" het prikkelend gewerk en 'n atmosfeer geskep, waarin wel 'n kragtige strydliteratuur kon ontstaan, maar slegs by uitsondering 'n uiting van stralende skoonheid, wat deur alle tye heen kon geniet en gewaardeer word. Die uitdaende houding van die Hoog-Hollandse party, wat hom steeds beroep het op 'n eeu-oue letterkunde, het die jong stryers opgehits tot dade van durf. In jeugdige oormoed het hulle aan skrywe gegaan, nie altyd omdat daar 'n innerlike woeling was, wat tot vertolking gedwing het nie, maar meer om te bewys dat die verguisde ou taaltjie ook sy man kon staan. Na die eerste paar jaar het daar 'n groot aantal boeke in Afrikaans verskyn; en omdat in die taalstryd juis dié wapens so uiters belangrik was, kon die kritiek dikwels nie onvoorwaardelik veroordeel nie.

As gevolg van die koorsagtige strydstemming het daar veral baie minderwaardige prosawerke verskyn. Dis maklik om na die verskyning van uit *Oerwoud en Vlakte, Ampie* en *Onder Bevoorregte Mense* te beweer dat die grootste gedeelte daarvan maar prulwerk was. Maar dit was prulwerk, wat tog voortreflike dienste bewys het in ons taal- en kultuurstryd. Dié voortrekkerskrywers het wel die verhewe siening van die eerste digters gemis, maar hulle het in elk geval die volk van 'n geestelike hongerdood gered en eenvoudige leesstof gelewer, toe daar nog geen Afrikaanse boeke was nie, toe die meeste begaafdes nog stil gesit het, of niks anders as spot oor had nie vir 'n beweging wat 'n end gemaak het aan ons lang periode van geestelike knegskap. Die groot behoefte aan leesstof in die moedertaal het hulle uit pure vaderlandsliefde na die pen laat gryp. „Ons het 'n volk om te behou, ons het 'n nasie om op te voed, ons kan nie wag nie!" roep Jan Celliers in 1907 uit. Dit was die strydkreet van 'n doelbewuste leier. Onder die stryd het die nasionale bewussyn vinnig gegroei. Maar dié woelige tydperk met sy eindelose taalredenasies en hartstogtelike afbrekery, sy verdeeldheid en verbittering, het veral in die begin nog belemmerend gewerk op die letterkundige ontwikkeling, al het meer as een skrywer ook daaruit sy inspirasie gekry. Ook die digters verlaat hul hoogtes van kalme oorpeinsing om aktief deel te neem aan die

stryd deur 'n besielende oorlogsroep soos Celliers met sy:

„Ek hou van 'n man wat sy man kan staan,"

of soos Leipoldt om met waarskuwende vinger op die groot taak te wys:

„'n Nasie word nie somar as die koring groot:
Dit moet deur werk, deur vlyt, deur smart,
Deur lewe ook word voortgestoot."

Dié eerste skrywers het ook gou genoeg uitgevind dat 'n volkstaal, hoe lewenskragtig en kernagtig dan ook, nie sommer dadelik 'n geskikte literatuurmedium kon word nie. By alle volke is dit nog altoos 'n langsame proses gewees, wat parallel geloop het met die kultuur-ewolusie. By ons was daar wel 'n hoë sedelike beskawing en daarom het die proses dan ook so wonderlik gou gegaan. Maar die eerste skrywers was almal opgevoed in die Hoog-Hollandse tradiesies en party het so by die dood omgedraai van die Engelse siekte. Selfs ons, die twede geslag, sukkel nog met dieselfde moeilikhede en dis nog altyd nie net 'n kwessie van taalveredeling nie, maar ook van taalsuiwering. Die eienaardige moeilikhede wat hierdie taalewolusie meebring sal nog lank belemmerend werk op die letterkundige gehalte van ons voortbrengsels, en die gevaar van taalverwildering het nog gladnie gewyk nie. Dit is hierdie besef, wat naas die natuurlike gevoel van stamverwantskap, 'n deeglike studie van die Nederlandse lettere altoos 'n gebiedende noodsaaklikheid sal maak. Die veredelingsproses sal deur 'n jong geslag wat 'n suiwer Afrikaanse opvoeding ontvang en tog die ou stamtaal nie verwaarloos nie voortgesit word; die Afrikaanse idioom, soms so tiepies-ruig, maar tewens so raak van seggingskrag sal gaandeweg aan buigsaamheid win; ons sien nou al hoe dit in die werke van ons kunstenaars meer en meer verhartstogtelik word.

## POLITIEKE VERWIKKELINGE.

In 1910 het ons eindelik staatkundige eenheid bereik. Die volksgees, lewendig gehou deur die taalstryd, het hom ook kragtig laat geld op politieke gebied en wat eers uitsluitlik 'n taalbeweging was, word langsamerhand 'n nasionale beweging. Gaandeweg groei die besef, dat die grondslag van alle beskawing is die ontwikkeling van die hele volk volgens die noodwendigheid van sy eie siel en sy eie geaardheid. Maar na luttele jare van ontwikke-

ling in dié rigting, kom daar weer die politieke skok van 1914. Hoog vlam die hartstogte op en 'n deel van die volk probeer om die ou vryheidsideaal weer met die wapen in die hand te verwesenlik. Dié poging faal, maar dit lei tog tot 'n verhoogde volksvitaliteit, wat die selfstandigheidsgevoel aanwakker, al is die nasleep daarvan ook skeuring en verdeeldheid. Die rebellie van 1914 gee nuwe lewe aan die ou politieke ideale.

„Niks is so heuglik, niks beslister
as dat ons son sal opkom uit
ons skoon en droewig „ewig gister".

Soos vroeër die Afrikaner-Bond op Majoeba wortel gevat het, so dagteken die snelle groei van 'n ander politieke party uit die dae van die opstand. Ons is nog te digby dié gebeurtenisse om dit rustig objektief te beskou, maar ek sien daarin die twede fase van die Twede Beweging, wat nou definitief oorgeplant word op politieke terrein. Die stootkrag van die staatkundige aksie kom oorspronklik uit die verhoogde nasionaliteitsgevoel wat deur die taalbeweging gewek is, toe die betekenis van die Groot Trek in sy volle omvang besef is.

„Want dit het die roering ons openbaar:
Die gees van die Voortrek is nog altyd daar, nog
ongeblus." —(Jan Celliers).

Na 1914 word die politieke en algemeen-kulturele stroming feitlik identiek. Maar uit die nasleep van die rebellie ontstaan die Helpmekaar, 'n wondere openbaring van die saamhorigheidsbesef, wat nadat dit sy onmiddellike doel bereik het, uitgroei tot 'n grootskeepse kulturele aksie. Dit en ander tekens wys daarop dat die kultuurbeweging in sy derde fase onafhanklik sal word van politieke skommelinge, soos in die ouer lande. Dan sal dit ook minder onderhewig wees aan plotselinge skokke en die meer ewewigtige ewolusie sal 'n geskikter voedingsbodem wees vir die gestadige opbloei van die kuns.

Op die oomblik is die Twede Beweging besig om sy ideale op staatkundige terrein uit te werk. Dit omvat nou die hele volkslewe in al sy vertakkinge, en op elke gebied is die Afrikaner besig om veld te verower. Met 'n seldsame aanpassingsvermoë lê die nasate van 'n landboukundige volk hulle toe op alle bedrywe en wetenskappe. Ernstig word daar gestreef na ekonomiese solidariteit en die gees van Helpmekaar en Saamwerk het 'n krag

in die land geword. Ons wil nie meer 'n aanhangsel van 'n ander land wees nie, maar bereik nou die mondige leeftyd en weet dat ons ons eie man kan staan. Dié veranderde geestesgesteldheid is 'n vrug van die Eerste en Twede Beweging en die eerste Afrikaanse skrywers het deur hul geskrifte en deur middel van die pers die magtige bondgenote geword van die politieke voormanne.

## DIE DIDAKTIESE STROMING.

Uit die aard van die saak moes veral die prosaskrywers dikwels betoënd optree. Hulle wou letterkundige genot gee, maar deur die drang van omstandighede moes hulle ook regstreeks opvoed. Vandaar die sterk didakties-moraliserende stroming, wat selfs nou nog, veral deur die groot persentasie agterlikes, sterk is. Die ontwikkeling van 'n primitiewe herdersvolk tot 'n moderne industriële gemeenskap het soos in ander lande die werkloosheids-vraagstuk laat ontstaan. En dié vraagstuk het by ons sulke afmetings aangeneem, dat die nasionale bestaan daarmee gemoeïd is. Die opheffing van die arm-blanke word 'n letterkundige motief. By 'n didakties aangelegde skrywer soos Langenhoven lei dié toestand van sake tot 'n poging om albei gedeeltes van die volk te bereik „langes die weg van die allernederigste eenvoud." En sy afkeer van alle „kunseksperte" dryf hom, waarskynlik teen beterwete in, tot so'n uiterste deurvoering van sy argument soos die volgende: „As ons dan nie die smaak na die boek kan maak nie, moet ons die boek na die smaak (van die onbevoorregtes) maak" (*Aan Stille Waters*, 2/3/'25). Dit is presies wat die Patriotters gedoen het. Maar gelukkig is Langenhoven se werk meestal beter as sy teorie. Hy bring wel af en toe 'n offer aan die volksmaak om sy teorie te bewys soos in *Die Lig van Verre Dae* (1924), 'n onskuldige awontuurverhaaltjie, eie kind van *Johannes van Wyk;* hy verval ook partymaal in 'n maklike oppervlakkigheid wat hy vir eenvoud ter wille van die onbevoorregtes aansien. Maar deurgaans vind ons tog by hom die skone kristallisasie van die volkswysheid. Sy belangstelling vir die gesonkenes is nie 'n koelberedeneerde opienie nie, dis 'n hartstogtelike liefde; dis nie 'n oppervlakkige jammerte nie, maar 'n heerlike geloof in die moontlikheid van 'n regenerasie; só'n hartstogtelike geloof dat daaruit egte kuns ontspruit. Waar die

mindere gode dit nie verder bring as soetsappige vermanings of sedeprekery nie, en van die letterkunde 'n propagandamiddel probeer maak, voel ons by Langenhoven die trilling van 'n bewoë gemoed. Te midde van die onsekere geluidjies van die eerste moraliste, hoor ons in Langenhoven se werk die sware dreunstap van 'n man. Hy het sy eie stem en wat beteken sy teorie naas die gawe van sy kunstenaarskap? Hy sien die dinge op sy eie manier en hy sê dit op sy eie manier. Deur die sierlike spel van sy vernuftige ironie en speelse humor tintel daar op elke bladsy verrassende mooihede en selfs waar hy hom in die net van gekunsteldheid toespin, het hy nog 'n oorspronklike grasie. Uit die volksnood is die kunstenaar-didaktikus gebore.

Die didaktiese lyn is eenvoudig 'n voortsetting van die Hollandse tradiesie. „Soekers van nutte lering" was daar altyd in die stamland en die didaktiese lyn loop van Maerlant na Cats, oor die predikant-digters van die negentiende eeu, tot op Van Eeden in die twintigste, om maar 'n paar hoogtepunte te noem. Naas die oorgeërfde neiging moet ons ook rekening hou met die historiese wordingsperiode van die Afrikaanse volk. Die stigters van ons nasie het uit die gewone volkskringe gekom en gedurende die eerste twee eeue van sy bestaan het ons volk feitlik al sy geestelike groeikrag geput uit die Bybel en 'n paar preekbundels. Dit hoef ons dus nie te verwonder nie dat in die eerste letterkundige proewe die stigtelike element so sterk is en die skrywers telkens oorslaan tot 'n direkte preektoon. Hulle werk is eenvoudig 'n refleks van die volksgees en in die teenswoordige stadium van ontwikkeling kan dit nog nuttige dienste bewys, al bevredig dit ook nie altyd die eise van 'n moderne letterkundige smaak nie. Deur die werk van kunstenaars soos Totius en Langenhoven sal die volk mettertyd die onderskeid leer tussen die didaktiek wat oprys uit sulke dieptes van persoonlike belewing dat dit *skoon* word deur die gloed en die geloof van die siel wat daaraan uiting gee, en die traktaatjiesagtige lewenswyheid van die oppervlakkige skrywer, wat reken dat stigting en sielsvolmaking moontlik is sonder skoonheid. Die godsdienstige idee het hom so vasgevleg in die weefsels van die volksbestaan, dat die kunstenaar wat enkel skoonheid soek, wat sy hele geestelike bevrediging vind in plastiese afbeelding, innige weergawe en welluidendheid nooit die

hart van die volk sal win nie. En dit is trouens dieselfde gedagte wat na die kortstondige skoonheidsaanbidding van die Tagtigers in Nederland posgevat het, sy dit dan ook langs ander weë en met medewerking van ander oorsake. Die estetiese en die etiese stroming moet saamsmelt om 'n hoër eenheid te vorm. Maar dit kan alleen by die waaragtige kunstenaar gebeur.

## DIE SATIERIES-HUMORISTIESE STROMING.

Die vaste wil van die volk om sy eie aard te herower het ook aanleiding gegee tot 'n satieries-humoristiese stroming in die letterkunde. Die eerste Regte Afrikaners het al in geestige rympies vol lugtige spot hul verbasterde landgenote aan die kaak gestel en ook die oorwinnaar 'n paar goeie kopskote gegee of hom klinkende skeldname toegeslinger. Gedurende die Twede Beweging word die waarde van alles wat suiwer Afrikaans is nog beter besef en in die stryd vir 'n eie kultuur word die satiere 'n magtige wapen. Die mokerslae van die eselskakebeen dreun op die Filistyne, die kultuurverbastering word met striemende raakhoue gegésel. Die verontwaardiging oor die veragtelike rol deur die „hands-oppers" in die oorlog gespeel vlam ook in die letterkunde op. Die ideaal is nou „'n man wat sy man kan staan," wat net „'n trap van sy voet" oorhet vir die lae verraaier, „en die bastergeslag in sy siel verag." Die botsing tussen die takhaarbeskawing en die verengelste *haai-sosaaietie*-kringe van stad en dorp word in geestige tafereeltjies geteken. Ou vaderlandse sedes en gewoontes word verheerlik en al die uitheemse gedoentes moet deurloop. Die steekse moter van die moderne Afrikaner word dorp-toe gesleep deur die vaarlandse osse van die ou Trekker!

## DIE GESKIEDENIS AS LETTERKUNDIGE MOTIEF.

Die Patriotters het al van die aanvang af probeer om liefde op te wek vir die volksverlede. Die doel van hul geskiedenisboek (1877) was „om ons kinders van jongsaf bekend te maak met wat hulle vaders al deurgestaan en gely het hier in die land waar vreemdelinge ons nou wil vertrap."

By die Patriotters was daar al die besef dat hulle in 'n grootse tydperk lewe en dit was hulle strewe om soveel moontlik gegewens te versamel vir die nageslag. Met

die groei van die volksbewussyn word die belangstelling vir die vaderlandse geskiedenis lewendiger. Die stelselmatige verdraaiing daarvan deur die oorwinnaar met die doel om die skoolgaande jeug te angliseer word 'n prikkel vir selfstandige ondersoek. Tenoor die valse beeld en kleinering van die *empaaier*-aanbidder word die gedokumenteerde feiteverhaal en bewondering van die Afrikaanse ondersoeker gestel. En onder die soek na die historiese waarheid, wat moes dien om die eer van die nasie te rehabiliteer, groei die besef van die grootse tragiek van die worsteling van die eerste volkstigters. Een van die eerste prosawerke van die Twede Beweging was Preller se *Piet Retief* (1906). Daarmee lewer hy nie alleen die bewys dat die volkstaal geskik is vir 'n wetenskaplike studie nie, maar sy werk word ook 'n bron van inspirasie vir digters en romanskrywers, en 'n aansporing vir ander ondersoekers om hulle met liefdevolle toewyding te verdiep in die periode van die Groot Trek. Preller het ons geleer dat ons geskiedenis nie net 'n aaneenryging van „niksbeduidende kafferonluste" is nie, maar dat die Trekkers die grondslae gelê het van 'n onafhanklike volksbestaan. Hy het ons gewys hoe dwarsdeur die verwarrende opeenstapeling van insidente, politieke kuiperye en lokale rusies die Afrikaanse Idee met kannie-dood-taaiheid gegroei het, hoe die Afrikaanse Bestemming „wyd en breed soos die Afrikaanse veld" is. Dingaansdag word weer 'n nasionale feesdag, die gelofte van Bloedrivier word plegtig nagekom. Die ou Voortrekkerkerkie word in eer herstel en as museum ingerig. Deur die hele land word historiese herinneringe, ook uit vroeër tydperke, met piëteit behandel. Hier en daar word monumente opgerig. Die biografieë van volkshelde word geskryf. Suid-Afrika word bewus van sy nasionale betekenis, eis sy plek op in die volkerery.

Die romanskrywers probeer om 'n kleurige beeld te gee van die volksverlede. Die eerste knoppies van 'n vaderlandse Romantiek gaan skamerig oop. Maar die digters slaag baie beter as die prosaïste om die gees van die verlede te vertolk. By die laasgenoemde is die skeppende verbeelding wat die historiese feite moet interpreteer en wat moet deurdring tot die innerlikste kern van 'n tydperk sonder om versmoor te raak onder noukeurige argeologiese gegewens alleen af en toe aanwesig. Dikwels moet die historiese agtergrond net dien om 'n hele

reeks awonture meer waarskynlik te maak, of anders word geskiedkundige verhandelinge opsetlik ingevleg om die bewerings van skoolhandboeke te weerlê—'n prysenswaardige bedoeling uit 'n kultuuroogpunt — wat egter noodlottige gevolge het op die letterkundige gehalte van die verhale. Uiterlike gebeurtenisse hou ons vertellers so besig dat die innerlike roersels van die mensehart uit 'n vorige periode hul aandag ontsnap. Daar is wel aanduidings dat ons na die periode van oppervlakkige uiterlikheid tot meer innerlikheid sal kom. Enkele historiese verhale van Preller, insonderheid *Moedersmart,* 'n paar sketse van Léon Maré, e.a. toon aan dat ons kunstenaars hul dieper in die geskiedenis begin in te lewe. Die tekening bly egter nog fragmentaries, klein-historieel en die kunstenaar, wat nie net *oor* die verlede kan praat nie, maar dit kan afbeeld in gestaltes van algemene betekenis, sodat die hele dooie tydperk met sy dieptes van menslike leed en vreugde, sy ideale en gewoontes voor ons oë verbytrek, die kunstenaar wat as deur 'n wonder opeens die toon vind waarin hy dit alles kan sê, hy ontbreek nog in ons lettere. Historiese silhoeëtte het ons al, skaduweeagtige wesens wat hul heldefeite in 'n verre landskap afspeel; maar mense van vlees en bloed ontmoet ons selde of nooit in 'n Afrikaanse geskiedkundige verhaal. „In de schoonheid van de kunst ligt de eeuwigheid van vroegere tijden"—dit sal 'n volgende geslag ons seker eers bring. Die lewensbeskrywers van ons volkshelde bepaal hul ook nog meestal by die optekening van uiterlike lotgevalle; hulle slaag maar selde daarin om die besielende krag wat uit die verborge dieptes van die innerlike lewe van 'n groot figuur opborrel te peil. Hulle kan die beeld nie so teken nie, dat dit ook vir ander sigbaar word. Hulle kan die aandoening, waarmee die held hul besiel het, nie meedeel nie, die lewe wat hy in hul gewek het nie uitstort nie.

## DIE AWONTURE-ROMAN.

Die geskiedenis bly dus voorlopig nog die uitgestrekte weiveld van die intriege-romanskrywer. Agter elke bossie kan daar 'n leeu of tier skuil; daar is tallose gevegte met Engelse en inboorlinge wat spannende situasies kan verskaf. In die awontuurlike bestaan van die rondswerwende pionier is dit nie nodig om na romantiese verwikkelinge te soek nie. Selfs die skrywer met 'n middel-

matige vernuf kan daar 'n kleurryke historiesprent van maak en die vernaamste episodes soos 'n eindelose rolprent vir ons afdraai. Prikkel die nuuskierigheid so'n bietjie, sorg dat daar 'n paar waaghalsige vaderlandse helde en 'n klompie gewikste skurke of landverraaiers in optree, maak gebruik van al die konwensionele kunsies, 'n onverwagte erfenis, 'n geheimsinnige vondeling, 'n engelagtige meisie, wat deur 'n barbaarse rou-kaffer ontvoer en op die laaste minuut deur 'n übermensch gered word, ens., ens., doop dan die hele werskaf in 'n sentimentele sousie.... dit is die resep vir 'n suksesroman! As 'n skrywer maar behendig die draadjies kan trek van 'n klompie houtpoppe, liefs met 'n stukkie vierkleur om die hoed en hul 'n paar ingewikkelde dansies laat uitvoer, waarby 'n paar rooies of 'n spul Zoeloes in die stof getrap word, dan vind hy lesers genoeg! In *Oupa en sy Kleindogters* is daar o.a. nagtelike spokerye, 'n dubbelsinnige testament, 'n groot diamant, 'n onbekende held, wat soos in 'n middeleeuse toernooi almal uitstof op die sportterrein. As die skurke opgeruim is, word al die drade met sigbare opsetlikheid saamgetrek vir die groot slotopvoering van die marionettespel, 'n prysuitdeling, waarby oupa fungeer as beloner van die deug. Dan is alles „pais en vree". Die huweliksklokke begin te bom-bom en as komieklike naspel verskyn, volgens ou gewoonte, in die laaste paragrafie „'n pasgebore dogtertjie, 'n lewendige seuntjie en 'n gesonde tweeling.... almal spekvet."

Ons kan glimlag oor al sulke gedoentes, maar laat ons ook eerlik erken dat die intriegeroman uitstekende dienste bewys het in wat ek die *propaganda-periode* van die Twede Beweging wil noem. Die intriegeroman is 'n natuurlike uitvloeisel van ons awontuurlike wordingsgeskiedenis, en in 'n tydperk van geringe geestelike ontwikkeling het dit vermaak en nutte lering verskaf in die eie landstaal, toe daar geen ander leesbare boeke was nie. Dit het gehelp om die nasionale eergevoel te laat ontkiem en die moontlikhede van die veragte kombuistaal geopenbaar. In alle lande is die intriegeroman 'n mag om mee rekening te hou; sy klaargemaakte spitsvondigheidjies trek altoos 'n groot publiek, oefen 'n onuitstaanbare bekoring uit op die jeug voor wie die hele lewe nog as 'n verrassende awontuur vol geheimsinnige moontlikhede ooplê, 'n aanlokilke rolprent waarvan elke dag 'n stukkie

afgedraai word. Laat ons dankbaar wees dat die intriegeroman by ons so'n kerngesonde nasionale gees asem en ons gehelp het om te kom waar ons vandag staan. Die eerste vertellers het selfs deur hul mislukte pogings die welslae van gelukkiger opvolgers voorberei. En die awonture-roman sal ook wel by ons die buitensporighede van die Jules Verne- en Fenimore Cooper-tradiesie ontgroei. In die hande van 'n kunstenaar kan dit nog iets groots word.

## KULTUUR-TOESTANDE.

Oor die algemeen was die Afrikaanse mensheid na 1900 nog eenvoudig; selfs nou nog tree die indiwidu nie skerp na vore uit die massa nie. Deurgaans het die Afrikaner 'n nugtere kyk op sake; hy is rats om 'n oulike plan uit te dink waar dit 'n praktiese moeilikheid geld, maar hy besondig hom nie aan fynuitgesponne dromerye nie. Dié geaardheid het hy geërf van sy pionier-voorouers, wat in 'n woeste land altoos moes klaarstaan vir allerhande gebeurlikhede, wat sonder die geriewe van die moderne beskawing moes aansukkel met hul eie vernuftige uitdinksels. Hulle het in intieme aanraking gekom met die natuur, maar die was vir hulle vol geheimsinnige gevare; 'n geweldige samestel van vernielende oerkragte, wat deur 'n kastydende Opperwese op weerspannige sondaars kon losgelaat word. In die sweet van hul aanskyn het hulle hul brood geëet, al het die geestige grapmakers saans rondom die wagvuurtjie seker nie makeer nie. Maar hulle kon nie soos Pallieters sorgeloos grasduin in die vrye natuur nie, om met al hul sinne die heerlikheid daarvan gulsig in te drink nie. As voortrekkers moes hulle gedurig middels uitdink om die weerbarstige natuur te oorwin. Hulle moes die natuur uit 'n utiliteitsoogpunt beskou...... of anders ondergaan.

Die eindelose uitgestrektheid van die land het as gevolg gehad die isolering van die handjievol bewoners op verafgeleë plase. Die afstande was te groot, die paaie te sleg, die vervoermiddels te stadig om ingewikkelde verhoudings tussen mens en mens te laat ontstaan, soos ons die in 'n moderne samelewing aantref. Die groot momente in die lewe was die aanneming, die Nagmaalsviering, die huwelik, die geboorte van kinders, die volksfeeste, een of ander veldtog, die daaglikse stryd om die bestaan, kranktes, ouderdom en die dood. Kortom dit

was 'n lewe *na die buitekant,* behalwe dan wat godsdienstige oorpeinsings betref. En deurgaans het die onsienlike dinge ook nie tot geweldige sielskonflikte gelei nie, omdat die blymoedige geloof in die kerklike waarhede van geslag op geslag oorgeplant is. Die godsdiens, gegrond op 'n eenvoudige interpretasie van die Bybelwoord, of op die verklaring van die predikant, was die natuurlike erfstuk wat van vader tot seun oorgegaan het. Geloof op gesag van die Statebybel was die reël; twyfel aan die grondwaarhede was ondenkbaar; twyfel aan die praktiese toepassing van die godsdiensleer kon, weens die eenvoudige samestelling van die gemeenskap, maar selde voorkom.

Mettertyd het die verhoudinge natuurlik ingewikkelder geword. Die Boer was nie meer die koning op sy afgeleë plaas nie. Sy hoë sedelike beskawing kom in botsing met die van 'n oorwinnaar, wat hier die moderne Europese instellings en begrippe bring. Hy kan nie meer op die voorvaderlike paadjie wandel nie. Sy natuurlike ontwikkelingsgang word verander deur inenting van die Engelse idee. In sommige dele van die land word groot goudsoekende mensemenigtes as deur 'n geweldige dwarrelwind opmekaar gebondel. Die gestamp van mynmasjinerie verstoor die landelike rus. Wegtrek na 'n nuwe vaderland kan die Boer nie meer nie; hy moet hom aanpas by die nuwe omstandighede. Die moderniseringsproses begin.

Ons leef nou in die oorgangstydperk, en in die letterkunde sien ons die oue en die nuwe naas mekaar en soms deurmekaar. Die eerste digters het meestal die bevrugtende invloed van die Europese gedagte ondergaan en hulle was die eerstes, wat in die Afrikaanse kuns party gemoedstoestande van die moderne mens weergegee het. By hulle vind ons die drang wat agter die uiterlike verskynsel soek na die innerlike betekenis. Hulle gryp na die verborge werkinge van die siel, ontleed hul eie-ek en kry 'n blik op die ongekende moontlikhede van die binnewêreld. Hul natuursbeskouing raak onder die invloed van Gezelle e.a. ver verwyderd van die utiliteitsopvatting en hul openbaar aan die volk skoonheid tot in die nietigste „gonsrige goggatjie."

By die prosaskrywers gaan die ontwikkeling minder snel. Die propaganda-periode duur tot omstreeks 1921. Daar is wel voor die tyd flou aanduidings van die intree-

van die Afrikaanse *mens* in die letterkunde o.a. by Léon Maré, Jochem van Bruggen, D. F. Malherbe en J. H. Kruger, maar hulle slaag nog nie daarin om ons deur forse karaktertekening te tref nie. Hulle tas wel op onsekere wyse na die psigologiese verborgenhede, maar gryp nog nie diep genoeg om ons te ontroer nie, raak nog nie die wesenlike essensie aan wat die uiterlike handeling vir ons kan verklaar nie. Die meeste skrywers voor 1921 goël maar so'n bietjie met manne- en vroueharte vir tydkorting, totdat hul weer by 'n ander awontuur kom. Of anders konstateer hul eenvoudig sielkundige veranderinge, wat dan kastig te „heilig" is om geopenbaar te word! Laat my dit deur enkele tiepiese voorbeelde aantoon. Albert du Biel behandel in sy verhaal *Kain* die periode van die eerste Vryheidsoorlog op die gewone manier van die awontuur-roman. As die beeld wat ek geskets het van die Afrikaanse kultuur gedurende die wordingstydperk in hoofsaak korrek is, dan sou dit seker verkeerd wees om aan die Transvaalse mense van omstreeks 1870 'n ingewikkelde emosielewe toe te skryf. Maar so eenvoudig soos Du Biel die saak voorstel, sulke sielkundige bolmakiesies as wat hy sy karakters laat slaan is in stryd met die menslike natuur, al is dit ook hoe primitief. „Die meisie Pêrel het verdwyn en die vrou Pêrel het haar plek ingeneem. Dit alles is duidelik in haar wese ingegrif" (t.a.p. bls. 85). 'n Bietjie verder lees ons: „In dieselfde oomblik besef Pêrel dat, watter naam sy ook aan die gevoel gee, wat sy in haar hart vir die jongman het, dit nie ware liefde kan genoem word nie." Nou sal dié juffrou, 'n Boerenooi wat in 'n baie woelige tydperk op die Swasielandse grens woon, seker nie die aanleg of die tyd gehad het om haar gevoel soos die hooffiguur van 'n moderne psigologiese roman uit te pluis nie. Die skrywer sê self: „Vir Pêrel was dit 'n besige jaar—so besig dat sy nie tyd gehad het nie om te probeer om haarself te oortuig dat haar hart gebroke is" (bls. 84). Uit so'n enkele sinnetjie blyk duidelik hoe koddig die skrywer met sy s.g. „mense" omspring. En hierdie gemis aan diepte van siening, hierdie onbeholpe maneuwers met menslike gevoelens kry ons by die meeste skrywers van die propaganda-periode.

Uit dieselfde roman kan ons ook die behandeling van motiewe uit die natuur demonstreer en terloops ook 'n kyk kry op die taalmishandeling van die eerste periode.

Na die val van Frans Naudé ondergaan ook die voëltjies in die wonderboom agter die huis 'n verandering. „Die tema van hul sang is droefheid en praat van verlange na 'n koningin, (vermoedelik die juffrou) van wie hulle eenmaal onderdane was, maar wie reeeds lang afwesig is." (bls. 84). Aan die end van dieselfde hoofstuk verander die „pratende tema" in 'n jubellied by Pêrel se verskyning. Maar „onder hierdie boom, by daardie klip moes haar liefde begrawe lê tot in ewigheid." Wonderlike wonderboom! Gedienstige voëltjies, „want die duifies swyg en die voëltjies hou op met hul lied in die teenwoordigheid van haar verdriet." Hoe kan 'n mooi poëtiese motief tog nie verknoei word nie!

Maar hierdie behandeling van die natuur wys tog dat die skrywer al 'n flou besef het van die digterlike opvatting wat o.a. Malherbe in *Vergeet Nie* geopenbaar het. By ander skrywers kan ons iets dergeliks opmerk (b.v. in *Teleurgestel*). Deurgaans vind ons egter 'n totale gemis aan natuurviesie, of anders bekyk die skrywer die natuur soos 'n boer wat na 'n mooi plaas soek, m.a.w. net uit 'n utiliteitsoogpunt. (Vgl. De Waal se beskrywing van Patrysvlei in *Die Twede Grieta.*)

## DIE OORGANGSTYDPERK NA 1921.

Omstreeks 1921 kom daar op prosagebied 'n duidelike kentering. Die Afrikaanse samelewing het gaandeweg meer ingewikkeld geword; in die stede veral is die verhoudinge meer kompleks en die uitheemse begrippe begin orals pos te vat. Of dié begrippe in alle opsigte 'n heilsame uitwerking op ons kultuur sal hê, daaraan kan 'n mens met reg twyfel. Ek wil hier net 'n feit konstateer. Vir elke opmerksame beskouer moet dit duidelik wees dat die kraalmure van ons isolasie al taamlik afgebrokkel is. Deur 'n verbeterde verkeer, deur middel van die pers en langs ander weë is daar 'n gestadige infiltrasie van uitheemse idees. 'n Groot aantal studente trek jaarliks na die buiteland, na Europa en Amerika, en op allerlei gebied word daar met die nuutste denkbeelde geëksperimenteer. 'n Kosmopolietiese wind waai oor ons vlaktes en jong Suid-Afrika snuif gretig die geure daarvan op. Die jongkêrel wat op 'n Dingaansfees velbroek en velskoene aantrek, die jong meisie wat so ouderwets lyk met haar sisrok en Voortrekkerkappie het wel piëteit

vir die volksverlede en streef daarna om die beste daaruit te behou. Hulle mag vir 'n oomblik die illusie wek dat die patriargale tydperk nog nie verby is nie.... maar ons weet tog dat die gebeurtenisse na 1900 die nuwe mens in Suid-Afrika geskep het. Die besielende gedagtes van die wordingsperiode kom nou tot rypheid; die sap het losgebreek in die volksboom; na jare van verskrompelde groei begin daar 'n nuwe lente bloei in die Karovaalte van die Afrikaanse tuin; 'n nuwe geluid het deur ons blou lug en oor „ons ewige gebergtes" geskal, en weerklank gevind in jong harte; hulle het „die stem van Suid-Afrika" gehoor en sê nou vol jeugdige vertroue:

„Ons sal antwoord op jou roepstem, ons sal
[offer wat jy vra:
Ons sal lewe, ons sal sterwe—ons vir jou,
[Suid-Afrika."

Ons kan nog nie met volkome sekerheid sê waarheen die moderniseringsproses ons gaan voer nie. Vir my lyk dit egter of die suiwer Afrikaanse Idee nou so lewenskragtig is, dat vreemde invloede dit nie meer kan laat verstik nie. Dit is nou nie meer na-apery wat ons na die vreemde dryf nie; dit is 'n bewuste poging om ons gesigseinder te verbreed, om deel te hê aan die geesteslewe van die moderne mens, en daaruit te haal wat dienstig kan wees vir 'n ontwikkeling langs die lyn van ons eie volksaard. *Ons wil die vreemde ken, maar wat ons eie is aankweek.* Ons sal nie ondergaan in die buitenlandse eksesse nie—daarvoor is ons lug te gesond, ons son te helder, ons lewensbeskouing te nugter. Wat goed is in die kultuur van ander volke sal ons op ons eie manier vervorm, totdat dit saamsmelt met die suiwer Afrikaanse Idee en bydra om dié Idee tot verder rypwording te bring. *Die Twede Beweging is 'n bewuswording van die Mens in Suid-Afrika.* Dit was 'n taalbeweging, omdat dit in die eerste plek ontstaan het uit die taalstryd, maar nie omdat dit uitsluitend betekenis vir die taal had nie. Dit het gegroei soos 'n stroom wat sy bedding al hoe meer verbreed en verdiep en uiteindelik moet dit uitstroom in die oneindige geestelike see.

Die propaganda-periode (1900—1921) het op prosagebied *lewe* in ons letterkunde gebring, maar nie die hoëre skoonheid van 'n *kuns,* wat nou nog in staat is om ons te ontroer nie. Die eintlike kunsperiode van ons prosa begin eers in 1921, omtrent tien jaar na die ontluiking van

die verskuns. Hierdie latere ontwikkeling van die prosa is 'n algemene verskynsel in die letterkunde. Laat ons nou nagaan hoe die veranderende mentaliteit van die Afrikaner op die gebied van ons prosa tot uiting kom, hoe die meer komplekse lewensverhoudinge daarin weerspieël word.

Die verskyning van Everard Fichardt se roman *Onder die Olyfboom* en dr. J. R. L. van Bruggen se *Japie* aan die begin van 1922 is 'n belangrike fase in die ontwikkeling van die prosa-kuns. Een van Fichardt se figure, Ewert, is „op die ou deurmekaar ingewikkelde wêreld, nie om die lewe te geniet nie, maar *om die lewe te ontleed.*" M.a.w. die Afrikaanse kunstenaar, wat tot nog toe eenvoudig die hoofmomente van die lewe gekonstateer het, begin nou die moontlikhede van die binnewêreld, die gebied van die siel, te ontdek. Die bewusgeworde individu rig sy eie-ek op teenoor die wêreld, voel agter sy persoonlike ervarings die huiwering van die oneindige. Daar ontstaan 'n drang om agter die gewone daaglikse uiterlikheidjies te soek na die verborge sin van die lewe; om die diepere, die ware menslikheid te lig uit die vroeër so oppervlakkig geskilderde daad. Ons kry nou nie meer 'n vernuftig inmekaar gepeuterde intriege nie, maar die eenvoudige geskiedenis van 'n mens. Die kakelbont awonture, afhanklik van die willekeur van die skrywer, word vervang deur *geestelike* awonture, 'n noodwendige gevolg van sekere karaktertrekke. Die figure is nie meer samelapsels van afsonderlike eienskappe, wat onder sekere omstandighede op 'n verstaanbare wyse reageer nie, maar lewende mense wat 'n eie emosionele lewe het, met wie ons innig saamlewe. Hulle bly nie meer in die boek nie; deur allerhande tekenende trekke begin hulle voor ons oë te lewe; hul geestelike groei, verskillende kriesisse in hul bestaan word deur plastiese uitbeelding geteken. Die skrywer deurleef self die emosies van sy karakters, laat hulle in hul omgewing ontwikkel. Die persoonlike psigiese ervarings van die skrywer word omgevorm, totdat dit die beeld word van algemeen-menslike sielskonflikte.

Ek wil nie beweer dat Fichardt en Jan van Bruggen dit alles in die twee genoemde romans bereik het nie. *Onder die Olyfboom* en *Japie* was nog die onsekere klanke wat die nuwe rigting ingelui het en eers in 1924 het die helder-sonore dawergeluid van *Ampie* en *Onder Bevoor-*

*regte Mense* opgeklink. Maar die twee eersgenoemde romans is tiepiese produkte van die oorgangstydperk, en die opvattings, wat daarin tot uiting kom, toon ook duidelik die ewolusie van die Afrikaner se mentaliteit aan. Ek wil op 'n paar tiepiese voorbeelde wys. Japie en Ewert tob albei oor die groot probleme van die lewe. Hulle is die verteenwoordigers van die klas ontwikkelde Afrikaner, wat deur middel van eie ondersoek, of op die uniwersiteit, kennis gemaak het met die moderne wetenskaplike en filosofiese opvattings, en nou met hul „verligte" denkbeelde op allerhande patriargale oorblyfsels in die Afrikaanse samelewing stuit, waar hul wel eerbied voor het, maar wat hul tog nie meer kan aanvaar nie. Die Kalvinistiese leer word wel deur die kerk in ons land staande gehou, maar dit moet tog vir iedereen duidelik wees dat Japies en Ewerts die natuurlike produkte is van ons non-sektariese onderwysstelsel. Ewert voel „dat alles geskape is en gereël word, volgens sekere bepaalde Natuurwette en as hy hom nie self kan help nie, daar geen Herder is wat hom sal help nie" (p. 28).*

Japie word gekwel deur aanvalle van godsdienstige twyfel. „Opgevoed in 'n sfeer waarin 'n Kalvinistiese God nie alleen die elemente bestuur nie, maar wat tot huishoudelike dinge verordineer, het sy ontluikende indiwidualiteit naderhand orals vasvalplekke gevind" (p. 29.) Hy lees filosofiese werke, veral Kant, en „'n paar polemiserende boeke oor godsdiens lê band aan band met 'n goed-bevingerde Statebybel." (p. 47.) In sy vertwyfeling na die dood van Nellie lees hy „'n godslasterende sonnet" van Rupert Brooke en dit gee hom „'n sekere sardoniese voldoening" (p. 88). Al genoeg aanhalings om te bewys dat, altans by 'n deel van die Afrikaanse volk, die periode van „geloof op gesag" verby is. Ons kry nou die mens wat ly deur die teenstrydige magte in sy eie siel en amper ten onder gaan, die kind wat uit die hoogtes van naïewe, ootmoedige vertroue neergesmak word in dieptes van twyfel, 'n Kleine Johannes wat met Windekind en Wistik intiem omgegaan het, wat ook al by Pluizer en dr. Cyfer was.... maar nog na die goue sleuteltjie soek. Vir Japie is die dood 'n probleem en hy wonder „of dit ooit opgelos kan word" (p. 28). Een van sy vriende worstel met die gedagte aan selfmoord, 'n

(*) Ek verbeter deurgaans spelling en styl in die volgende aanhalings.

ander sit en dink „oor 'n lewensbeskouing wat met (hom) sal akkordeer." Die indiwidu kom uit die massa te voorskyn.

## DIE VROU EN DIE LIEFDE BY DIE PROSA-SKRYWERS.

Fichardt is ook 'n soeker. „Ons ja te baie agter die beuselagtige fraiings van die lewe en mis te baie die diepere betekenis daarvan. Daar is geen gulde kortpad tot duursame geluk nie." (p. 126). Hy peins oor die vraag: „Wat is sonde?" (p. 138) en vind dat die rede van ons bestaan ook ons hoogste doel is n.l., „die verstandige voortplanting en onophoudelike verbetering van die ras op hierdie klein aardbol van ons" (p. 215). In sy opvatting van die liefde speel die geslagsdrif 'n vername rol. By Japie is die liefde nie „'n bloot sinlike begeerte nie, want sy liefde het die diep-diep stiltes van die gees geken, sowel as die krag van die vlees" (p. 64). By hom word die skoonheidsaanbidding van die vrou byna 'n godsdiens (p. 88.)

Dis al genoeg om aan te toon hoe vér hierdie skrywers verwyderd is van die engelagtige *Mooi Annies*, wāt in 'n vorige periode vir vrouens moes deurgaan. Lydia ontmoet ons die eerste maal in die bed: „As sy daar so sit, selfs met verwarde hare en in ongekunstelde naggewaad, is in haar 'n bepaalde aantreklikheid te bespeur, nie so besonder in die kleur van die oë, of die glans van die hare, of die vorm van die gelaatstrekke nie, maar eerder in die bekorende houding, die sielvolle uitdrukking; *'n aantreklikheid, nie so besonder in die liggaam self nie, maar eerder in iets daarbinne verborge, die gees, die karakter, die eie klein persoonlikheid*" (p. 31). Japie sien ook wel die liggaamlike skoonheid van Nellie raak, maar onder die invloed van Perk is hy besig om dit te vergeestelik. (p. 45). Hierdie skrywers is op pad om die innerlikheid, die siel van die vrou te ontdek. Die vrou is nie meer vir hulle „'n beeldfraaie mens...... meer geskik vir die tuiste van engele, dan vir hierdie prosaïese aardbol" nie; hulle sien nie net die rooi wange met kuiltjies, waarin hulle wil tuimel nie; die melkwit hals van 'n skone towergodin ens., ens., nee, hulle probeer om die innerlike wese van die vrou uit te beeld. Die voortrekker-amasone, wat nie agteruitstaan vir die man op die jag of in die geveg nie, kry ons natuurlik in die geskiedenis ook. Die

awontuurroman probeer om haar in 'n romantiekerige waas te hul. Maar hier ontmoet ons nou die vrou uit 'n latere periode, die fyn ontwikkelde Afrikaanse dame, wat nie net aan die end van die roman met 'n tweeling op die arms verskyn nie, want, sê Fichardt: „trou is nie die einde van alles nie, dis maar net die begin." Die hele liefdesverhouding word verinnerlik; dis nie meer 'n sentimentele relaas van vryery nie; dis die uitbeelding van 'n reeks immer-wisselende stemminge, van die langsame groei van 'n geestesgemeenskap, die wedersydse blootlegging van die intiemste hoekies van twee harte wat mekaar soek. Jan Celliers het in sy Martjie (1911) al die nuwe rigting aangedui.

Die natuursbeskouing van die eerste digters vind ook nou weerklank in die roman en by Jan van Bruggen en Fichardt kan ons o.a. direkte invloed van Jan Celliers en Leipoldt waarneem. Japie „maak weer maats met die snaakse koggelmanders en die skuwe veldmuise......" (p. 42) en Ewert „voel die krag van die onsterflike woorde van Jan Celliers" (p. 20). Veral by Van Bruggen, self digter, vind ons innige waarneming van die natuur. Dikwels slaag hy daarin om die stemming van sy figure op harmoniese wyse te laat versmelt met sy natuurbeskrywing. Daar is geen spoor meer van die utiliteitsopvatting nie.

„Realisme" is maar 'n vae term, want daar bestaan amper nie 'n kunswerk wat nie 'n samestelling van werklikheid en verbeelding is nie. Tog kan ons konstateer dat daar in die kunsperiode 'n neiging is om meer regstreeks uiting te gee aan die self-gesiene en self-ervarene. Jochem van Bruggen en Léon Maré het al voor 1921 blyke gegee van 'n raak opmerkingsgawe, terwyl die meeste ander skrywers nog tevrede was met romantiekerige opsiering, en die lewe van die boer alleen van die idilliese, arkadiese kant bekyk het. Lub het in sy Johannesburgse sketse dikwels daarin geslaag om die rou werklikheid van die goudstad se ontaarding te teken. Oor die algemeen het die realistiese uitbeelding egter nog fragmentaries gebly. Die gawe om verskillende figure op oortuigende wyse in hul omgewing te laat lewe, die direkte en deurdringende waarneming wat deur middel van tekende besonderhede mense en dinge so laat sien dat hulle in die ruimte werklik bestaan, asemhaal en beweeg—dié gawe

sien ons eers in *Ampie* en *Onder Bevoorregte Mense* tot volle rypheid ontwikkel.

Jan van Bruggen vertel ons botweg dat hy die „maande van puur-vleeslike sensasie" in Japie se lewe maar wil „deurdrawwe"—slegte tegniek, maar tog 'n bewys dat hy sy publiek ken, wat stellig teen 'n naturalistiese skildering van vleeslike luste sal protesteer. Maar terwyl Fichardt nog die sluiertaktiek toepas op Lydia se egbreuk, vind ons by Jan van Bruggen tal van realistiese trekke, wat die meeste Afrikaanse lesers seker as op die kantjie af sal beskou. In die verbygaan ontmoet ons o.a. 'n Johannesburgse slet en 'n lywige dame, in die „knellende wapenrusting van 'n korset," wat uit die kamer verdwyn „met 'n bewuste joep van haar gepantserde lyf." (p. 57). Die gesonde oordeel van die beskaafde publiek sal altoos die grens aandui. Op die oomblik heers daar 'n oordrewe preutsheid en die skrywers wat 'n handige sluier oor 'n s.g. „onbeskryflike" toneel laat val, kry die voorkeur bo dié wat 'n ding by sy regte naam noem en die mens van die vyeblaartjies van 'n skynbeskawing beroof.

## AMPIE, DIE EERSTE LEWENDE MENS IN DIE ROMAN.

'n Glanspunt bereik die realistiese rigting in *Ampie* (1924), die epos van 'n nietige bywonersieltjie. Hier geen sweem van idilliese opsiering nie, maar die naakte werklikheid van die bywonerbestaan, 'n dokument wat kan gebruik word vir 'n studie oor ons maatskaplike toestande. Tewens ook *die eerste volledig lewende Afrikaanse mens* in ons letterkunde. Hoe ken ons nie die binnelewe van hierdie halfverdierlikte boereseun tot in die fynste kronkeling van sy nietigste gedagtetjies nie! Ondergaan ons nie die benouenis van die wurgatmosfeer waarin sy lewenskiempie byna verstik raak nie? Leef ons nie saam met hom in die vertedering van sy liefde nie en in die botviering van sy blinde drif? Net 'n bondel flenters! Ja, maar onder dié vervulde toiings, klop die hart van 'n natuurkind; onder dié vetterige ou keps loer 'n paar groot bruin oë met 'n blik wat ons nooit weer *kan* vergeet nie! Eindelik 'n mens.... wat nie semels in sy ingewande het nie! 'n Lewe, wat as vanself, ongedwonge, ontwikkel. 'n Ouerige kindersieltjie, wat bang-bang die beskaafde wêreld inskuifel en die smart van sy verlaten-

heid uitsnik by die lewelose liggaam van sy donkie-maat .......

Duidelik word die breuk met die verlede, en die lyn van ontwikkeling as ons langs mekaar lê: *Twee Susters* van Chris Euvrard, 'n onbenullige oorlogsverhaaltjie, in 1914 deur die hoogste letterkundige gesag met die Hertzog-prys bekroon en *Ampie,* wat dieselfde onderskeiding in 1925 verwerf het. Wie het so'n heuglike bloei in tien jaar tyd verwag? As bewus lewende nasie is ons baie jonk, maar as afstammelinge van drie Europese volke is ons tog die kinders van 'n ou beskawing, het ons deel aan die erfenis van eeue van ontwikkeling. Nuwe kieme kan dus gou tot rypheid kom. Byna gelyktydig met *Ampie* verskyn Marie Linde se *Onder Bevoorregte Mense.* Met fyn-vroulike intuïesie word daarin geteken die geestelike groei van 'n arm-blanke weesmeisie, wat in die gesin van 'n artistiek aangelegde Kaapstadse dame beland. Eerlik-opreg van siening en innig van weergawe is die uitbeelding; duidelik staan al die karakters voor ons, werklike mense wat ons deur-en-deur ken. Net soos Ampie het ook Bettie haar onsinnige lugkasteeltjies, wat sy deur 'n meer ontwikkelde aanleg en onder gelukkiger omstandighede grotendeels kan verwesenlik. Ook hier sien ons die botsing tussen die uitheemse idees en die voorvaderlike sedes, die ideale van die ou geslag teenoor die steeds meer indringende nuwerwetshede. Die dogter van 'n eerwaardige Vrystaatse predikant word ná 'n Europese opvoeding operasangeres; die enigste seun van 'n veeboer word 'n „losbandige kunsskilder" en trou met 'n meisie wat „uit die agterbuurte opgeraap is"—uitsonderingsgevalle seker. Maar deur die hele boek staan daar baie tekenende trekkies, wat die moderniseringsproses van die oorgangstydperk treffend tipeer.

Met die verskyning van *Ampie* en *Onder Bevoorregte Mense* het die beslissende bevryding gekom van die nagmerrie van die oppervlakkige awontuur-roman. 'n Ander belangrike mylpaal was Sangiro se *Diersketse.* By 'n volk wat gedurende sy wordingsperiode so intiem in aanraking met die grootwild gelewe het, sou ons vanself 'n ryk oes van jagstories verwag. Maar die opmerklike, die verrassend-nuwe in die verskyning van Sangiro is, dat 'n afstammeling van die ou jagters, wat onder voortrekkerkondiesies in Oos-Afrika, groot word, die dierlewe uitbeeld, nie van die standpunt van die pionier nie, maar

dat hy in elke leeu of renoster 'n *persoonlikheid* sien, „in sy soort ruim so interessant as die van die mens." Dit is dieselfde ontwikkeling wat ons by die romanskrywers opgemerk het: van die uiterlike beweging kom hulle tot die innerlike roersels. „Ook onder die wilde diere bestaan daar 'n soort van geesteslewe, wat die opmerksame waarnemer telkens weer met verwondering vul; vir hom word dit naderhand moontlik om die diere se gewaarwordinge uit hul uiterlike beweginge te verstaan." Sangiro is veel meer as „'n opmerksame waarnemer." Hy besit die digterlike gawe om die uiterlike feite deur beeld en klank so te vertolk, dat ons die ontroeringe van die geweldige diere-drama en die bekoring van die oerwoud self kan navoel. Sangiro kruip in die vel van die leeu; hy neem die leeunatuur aan en ondergaan 'n tydelike vernietiging van sy eie wese. Hy deurleef al die gewaarwordings van die leeu, en sy uitbeelding daarvan is nie die nugtere verstandstaal van die geleerde soöloog nie, maar dit is die ontroerde verklanking van 'n innerlike sielsmusiek. Sy prosa word opgebou uit sy gehele siel en nie uit sy verstand alleen nie; hy koester en troetel sy taal, totdat dit deur ritme, golwing, klank, toonhoogte, plastiek, lig en skaduwee die fynste nuanserings van sy gevoel kan weergee. In sy werk bereik ons prosa definitief die stadium van *kunsprosa;* dit is die produk van 'n skeppende verbeelding, wat ons op een lyn kan stel met die werk van ons digters. Hy gee iets van sy siel aan alles wat hy sien; hy gee ons die werklikheid wat hy waarneem en die misterieuse werklikheid wat hy voel. Met gebruikmaking van die Nederlandse taalskat en onder die invloed van die na-Tagtigers skep hy 'n taal so lenig en buigsaam as wat voor 1921 onbekend was. Sy taal is nie net die sappige volksidioom van die Patriotter wat skryf soos hy praat nie; op spontane wyse ontwikkel dit by hom tot literêre taal, verfynd genoeg om selfs aan die onvatbaarste gewaarwording uiting te gee, tekenend genoeg om die minste beweging van gedagte en aandoening weer te gee. Altoos borrel dit op uit die suiwere bron van die volkspraak, maar omdat hy die sinne-gevoeligheid van die kunstenaar besit, word dit by hom plastieser, voller van klank.

Treffend word die kontras tussen die oue en nuwe as ons Bana Maie se *Voortrekkerslewe in. Donker Afrika* langs Sangiro se werk lê. Bana Maie se boek is 'n inte-

ressante kultuur - dokument, die dagboek van 'n trekker in Brits-Oos-Afrika. Hy wil elke boom sekuur meet, elke dier wat hy skiet op die skaal sit. Soos 'n verstandige boer sien hy dié bome raak waar hy die beste meubels van kan maak. Hy moraliseer by 'n afgebrande bos sederbome en staan partymaal „spraakloos van bewondering" by 'n natuur-toneel. Sangiro gaan egter heeltemal op in die natuur, drink die heerlikheid daarvan met die fyner sintuie van die moderne mens in. Tussen hom en die natuur staan daar nie 'n „digterlike taal", 'n taal van verstandelike begrippe, volgeprop met 'n reeks pronk-adjektiewe nie;* sy taal ontstaan uit die aandoening self, is fris, direk, en roep regstreeks die beeld voor ons gees op. Hy is die digter van die oerwoud; hy vang die kleinste ritselinkie op, die oneindige skakerings van kleur en klank, die veranderilke tinte op berge en wolke, die „wisselverwigheid" van die natuur.

In die twede periode bring veral Langenhoven die betogende en wysgerige prosa op 'n hoër plan. Hy is een van ons indiwidueelste stiliste, wat tog bewus daarna strewe, om 'n soort gemeenskapskuns te skep, wat volgens die teorie van Tolstoi bevatlik is vir die mees onontwikkelde bywoner en tog tot die hoogste kuns behoort. Nie altoos slaag hy daarin om langs die weg van die eenvoud die sublieme te bereik nie, maar sy vindingryke vernuf het 'n frisheid in ons prosa gebring en daar nuwe tintelinge deur laat speel. In sy betogende prosa is dit veral die speelse kronkelinge van 'n sprankelende gees wat ons verras; die skielike blitsliggies van 'n ratse verstand flikker en dans deur sy lugtig geboude periodes. Dan dreun die hamerslae van sy logies redenerende verstand weer op die yster van sy argument, totdat die vonke rond en bont spat. Die allergewoonste ding laat hy op sy kop staan deur 'n onverwagte wending, die koddigste effek bereik hy deur 'n gewaagde neologisme of 'n aangelaste stertjie. Rustig ry jy saam met hom op die egalige pad van sy betoog, maar skielik spring hy hot-om met die kortste Kaapse draai, wat jou viervoet teen die grond slinger!

Maar somtyds word sy stem teer van aandoening; dit ruis op uit dieptes van innige gevoel en as hy wegraak in

(*) Ek bedoel stukke soos die volgende: „Pragtig en majestueus met iets trillend-geheimsinnigs lê die onafsienbare bos met sy opgeslote geheime daar voor ons........" ens. Bana Maie (p. 48.)

sy fantasieë is dit of die klank van sy rustige volsinne wegdein in vertes van huiwerende weemoed......

Meer as enige ander skrywer het Langenhoven die verrassende moontlikhede van die sappige volkspraak ontdek; sy invloed op die verdere ontwikkeling van ons prosa sal groot wees.

## DIE TONEEL.

Op die gebied van die toneel gaan die ontwikkeling ook van die uiterlike na die innerlike. In die propagandaperiode word die toneel gebruik as wapen in die kultuurstryd. Dit dra daartoe by om die strydleuses en ideale van die beweging gemeengoed te maak onder die massa. Op dié manier kry ook die nie-lesende kringe van die volk 'n aandeel in die nasionale beweging. Episodes uit die geskiedenis word aanskoulik voorgestel op die planke en elke geleentheid word gretig gebruik om verdraaide beskouings daarvan te weerlê. Sedebederf en kultuurverbastering word gehekel, die strekking word dik opgeplak, die sentimentaliteit en oppervlakkige verwikkeling vier hoogty. Klugtige situasies word uitgebuit en vind nog steeds byval by 'n publiek wat jarelank geteer het op die melodramatiese gedoentes van twede- of derde-rangs Engelse geselskappe.

Langsamer het die ontwikkeling op toneelgebied gegaan. Allerhande tegniese moeilikhede moet nog oorwin word en die algemene publiek moet nog leer dat die beste toneelstuk nie juis dié is waaroor 'n mens die lekkerste kan lag nie! Die beslissende hernuwing het ons op dramatiese gebied nog nie bereik nie, maar ek wil wys op 'n paar stukke wat die nuwe rigting aankondig. In 1920 gebruik Grosskopf in sy *Esau* die botsing tussen die ou en nuwe beskawing as dramtiese motief en hy slaag daarin om ons meer te gee as 'n historiese rolprent. Dit is een van die eerste stukke met 'n sielkundige konflik en die handeling word hier nie net bepaal deur toevallige uiterlikhede nie. Jan Celliers verklaar uitdruklik in sy voorwoord by *Reg Bo Reg* (1922) dat hy die mens self as sy onderwerp neem. Hierdie toneelstuk is 'n tiepiese voortbringsel van die oorgangsperiode; die psigologiese element kom daarin wel meer op die voorgrond, maar word tog nog verstik deur 'n melodramatiese ontknoping.

Meer suksesvol was Leipoldt met *Die Heks* (1923). In die sel-toneel kry ons werklik die dramatiese uitbeelding

van mensesiele, deur 'n kunstenaar wat nie sommer raai hoe sy karakters min of meer onder bepaalde omstandighede sal reageer nie, maar wat intuïtief die fynste roersels van hul diepste wese aangevoel het. In die brokstukkies van die dialoog voel ons die laaste stuiptrekkings van 'n gemartelde vrouesiel. Veel sê sy mense nie, maar wat hulle sê, laat ons 'n stukkie van hul innerlik *sien*.

Hierdie toneelstukke toon aan dat die Afrikaanse drama ook nou die propaganda-periode begin te ontgroei. Rondreisende studente-geselskappe het in die laaste jare veel daartoe bygedra om die smaak van die algemene publiek te veredel. Etlike Afrikaners het in die buiteland 'n deeglike studie van die toneelkuns gemaak en onlangs het Paul de Groot daarin geslaag om die eerste geselskap van beroepspelers op te rig. Op toneelgebied kan ons binnekort groot ontwikkelinge verwag, al sal hierdie kuns wat die nouste in aanraking staan met die breë volkslae seker nog lank ly onder die gemis van 'n groot publiek wat genoegsaam ontwikkel is om stukke wat nie net platkomies is nie te waardeer. Die hoë toneelideale deur 'n paar enkelinge nagestreef sal eers dan in vervulling gaan, as die volk uit eie aandrang die skouburg vul en 'n werklike volkstoneel moontlik maak.

## DIE ROOIDAG VAN DIE AFRIKANERDOM.

As dit waar is dat die Twede Beweging gelei het tot die bewuswording van die Afrikaanse Mens, dan moet ons nie net op letterkundige gebied die spore van 'n herlewing sien nie, maar in al die vertakkinge van die kultuurlewe. Dit is dan ook inderdaad die geval. Ek wil net kortliks wys op 'n paar tekens van die menigvuldige bedrywigheid.

Op die gebied van die beeldende kunste het ons al die eerste skoffies agter die rug. Ons kan al praat van 'n Afrikaanse skilderkuns, wat ook in die buiteland waardering gevind het. Pierneef, Hugo Naudé, Erich Mayer—om maar 'n paar name te noem—het ons die skoonheid van die Afrikaanse landskap geopenbaar en in die groter sentrums het hul langsamerhand 'n kunssinnige publiek gevind. In die beeldhoukuns het ons Anton van Wouw, wat o.a. deur sy vroue- en Kruger-monumente die hart van die nasie geroer het. Ons het argitekte wat met liefdevolle toewyding daarna strewe om 'n Afrikaanse boustyl te skep, wat ons sal verlos van ingevoerde tierlantyntjies

en die uitdrukking sal wees van die Afrikaanse volksiel. Die volk het moeg geword vir die sentimentele Engelse liedere en wat ons nog oorgehou het van die voorvaderlike liedereskat word met liefde versamel. Ons eie Afrikaanse gedigte word getoonset en 'n paar komponiste het al die klanke opgevang wat nog sluimer in die bewussyn van die massa. Ons kan gerus wees oor die toekoms van die Afrikaanse kuns, omdat dit gebore word uit die regenerende krag van ons samelewing. Daar is 'n roering in die dieptes van die volksiel, wat ter bestemder tyd tot skone uitings op elke gebied sal groei. Die eerste rooidagskynsels flikker aan die horison en elke oomblik kan die strale van die opgaande son oor die rante aanglorie ........

Op wetenskaplike gebied worstel ons met ons eie probleme. Die blinde geloof in die oorsese deskundige het verdwyn...... soos die fondamente van die Durbanse graansuier! Aanvanklik was die wetenskaplike belangstelling gekonsentreer op die taal, wat sedert 1916 in 'n reeks proefskrifte aan 'n diepgaande ondersoek onderwerp is. Maar gaandeweg het die Afrikaanse wetenskap hom uitgebrei, totdat dit vandag al 'n uitgestrekte terrein bestryk.

Die literêre kritiek het amper gelyke tred gehou met die groei van die letterkunde. In die propaganda-periode is alles wat in Afrikaans verskyn het met gejuig ingehaal. Maar al gou het die krietisie begin te waarsku teen sjouwinistiese oorskatting, en op dié manier die nasionale gewete geprikkel tot selfinsig. Kritiek is in algemene sin sinoniem met 'n selfstandige en persoonlike denklewe en die groei van die krietiese drang is dus 'n teken van 'n voller bewuswording. Ons besondere kultuurtoestande het dit noodsaaklik gemaak vir die kritiek om in die eerste periode veral teen taalverwildering op te tree. Besprekings van die eerste beginsels van die literêre tegniek het al gou in breë kringe belangstelling gewek en die letterkundige essayis begin nou reeds aanspraak te maak op sy regmatige plaas. Die algemene publiek en ook die meeste skrywers begin te besef dat die krietikus geen oordelende regter is nie, wat uit pure baldadigheid 'n doodvonnis vel, maar 'n soekende rigter, wat 'n ideaal aan sy volk voorhou en op sy eie manier probeer om die nasionale kultuur te verryk.

Die krietikus verteenwoordig die artistieke gewete van

die gemeenskap. Die kritiek, wat 'n minderwaardige boek ophemel, verlaag die standaard van voortreflikheid en ontwrig die nasionale oordeel, wat vir ons wordende letterkunde 'n ramp kan wees. Ons het nog behoefte aan onpartydige beoordelaars, wat nie net die kunswerk self kan verstaan nie, maar wat ook in staat is om sy betreklike waarde te bepaal. Dit is 'n verblydende teken dat ons vernaamste dagblaaie meer aandag begin te wy aan ernstige letterkundige kritiek en hul nie meer bepaal tot bloot aankondigings nie.

Die rol wat die pers speel in die wording van ons kultuur sou 'n afsonderlike studie vereis. Ek wil net daarop wys dat die Afrikaanse pers 'n bloeiperiode beleef en drie provinsies al dagblaaie besit, waarin op voortreflike wyse die kulturele belange behartig word. Die boekeproduksie neem gestadig toe en al word daar nog gekla oor gebrek aan 'n algemene leesdrif, is daar tog 'n steeds groeiende belangstelling vir die boek as beskawingsmiddel. Die alleenheerskappy van die Engelse pers, die Engelse ,novel' en „magazine" is in elk geval vergoed gebreek.

## DIE AFRIKAANSE VROU.

Merkwaardig is ook dat die Afrikaanse Vrou aktief deelneem aan die kultuurbeweging. In die pionierstydperk was sy steeds die willige helpster van die man, maar na dié woelige periode trek sy haar terug in die stille, huislike kring. Gedurende die Eerste Beweging werk sy in stilte aan die opbou van die nasie. „Die vrou en die bakoond hoort by die huis" het die spraakmakende gemeente skertsend gesê. Maar in ons Groot Oorlog is dit sy wat die grootste offer bring....

„Rachel, al lydens-Moeder, oor haar kinders huil—
hul is nie meer."

„Haar wese is erns, sy gaan haar weg in swye,
gehoorsaam op die weg van lange lye."

Maar dit is ook sy, wat „in haar wee, aan die wêreld 'n nasie gee" en in die periode van opbou na die oorlog begin die vrou doelbewus te arbei aan haar grootse taak. Uit die worsteling tree ook die mondig geworde Afrikaanse vrou te voorskyn.

Ek hoef hier nie uit te wei oor die steeds groter wordende betekenis van die vrou op maatskaplike, wetenskaplike en kunsterrein nie. Ek wil alleen memoreer dat dit hoof-

saaklik die vrou was, wat gedurende die eerste jare gesorg het vir die letterkundige behoeftes van die Afrikaanse kind. Het Tannie van Die Brandwag nie al die harte van die kinders gewin nie, toe die mans mekaar nog met gewigtige taalredenasies bestook het? En nou het die vrou ook definitief haar intree in ons letterkunde gedoen met *Onder Bevoorregte Mense, Eensaamheid* en *Oogklappe*, wat gelyktydig bekroon is.

## „'N JONG VOLK LEEF VORENTOE......"

Orals sien ons dus die drang tot meerdere selfstandigheid, die losmaking uit geestelike en ekonomiese knegskap, die gestadige ontwikkeling volgens eie geaardheid die welige groei van 'n ontluikende volksiel. Die wassende kultuurmag styg uit die volk self op en die nasionale ideale word vertolk deur die kunstenaars. Die eerste geslag word nog verteenwoordig deur Von Wielligh, die rusteloos-arbeidsame volkskrywer, wat getrou aan die *Patriot*ideale, hom veral tot die onontwikkeldes rig; die twede geslag digters en prosaïste het hul taak nog nie voleindig nie en ons kan nog baie van hulle verwag. En alreeds luister ons hoopvol na die stem van Jong Suid-Afrika, wat gedeeltelik die voorreg van 'n opvoeding deur medium van die moedertaal geniet het. Sou dit te optimisties wees om 'n toekoms, swaar van belofte te verwag, as die vierde geslag, in die volle besit van sy geestelike erfgoedere tot rypheid ontwikkel? Dan sal ons eers die betekenis van die nasionalisering van die Afrikaanse volkslewe in sy volle omvang kan besef. Intussen is dit ons voorreg om te staan by die geboorte van ons nasie. Ons leef in die oggendvroegte; ons loop na die land van die opgaande son; die tinteling van die jeug is in ons bloed; die frisheid van die morekoelte waai ons teë. Ons word voortgestu deur 'n kragtige dadedrang. „As 'n jong nasie sien ons amper ons hele loopbaan tegemoet. 'n Jong volk leef vorentoe. Sy leuse is die hoop; geduld en moed sy wagwoorde; 'n jeugdige entoesiasme sy dryfveer...."

———o0o———